



Kompass

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 12 / no. 5
Mei 2003

DIKTATORS

9 April 2003 – Die wêreld is getuie van die val van Bagdad. 'n Amerikaanse tenk trek 'n standbeeld van Saddam Hoessein om en inwoners van die stad slaan die beeld stukkend met enigiets wat hulle in die hande kan kry. Uiteindelik is die diktator se mag gebreek, maar hoe is dit moontlik dat die man so lank toegelaat is om sy eie volk te terroriseer?

Soos vele ander diktators het Saddam Hoessein nasionalistiese dryfvere gebruik om sy magsbasis te versterk. Hy het homself graag met die beroemde koning Nebukadnesar vergelyk. Hy het ook religieuse gevoelens probeer bespeel deur sy oorlog met die VSA voor te stel as 'n 'heilige oorlog' van die Islam teen die Christendom en die Jodedom.

10 April 2003 – Daar verskyn 'n opvallende advertensie in die Pretoria News. Dit is 'n bekendstelling van Kim Il Sung, "die Groot Leier" van die Koreaanse volk, wat in 1994 oorlede is. Hy word voorgestel as die groot profeet, die ontwerper van die sogenaamde *Juche*-ideologie wat – volgens kenners – basies 'n mengsel is van humanisme, kommunisme en Koreaanse nasionalisme.

Kim Il Sung is intussen opgevolg deur sy seun Kim Chong Il. Sowel pa as seun geniet in Noord-Korea semi-goddelike status. Wat dit so gevaarlik maak, is dat Kim junior 'n ambisieuse man is. Noord-Korea is besig met 'n bewapeningsprogram wat Saddam Hoessein se arsenaal blykbaar na kinderspeletjies laat lyk. Dit voorspel niks goed vir die toekoms nie.

11 April 2003 – Ons ontvang die April-nuusbrief van 'Geopende Deure' met heelwat inligting oor die situasie in Toerkmenistan, 'n gebied oos van die Kaspiese See. Die land word geregeer deur president Niyazov, 'n nasionalistiese diktator wat homself die Toerkmenbasji – vader van alle Toerkmene – noem. Christene kry swaar in Toerkmenistan, selfs swaarder as in Saddam Hoessein se Irak. Hulle word onderdruk, gevange geneem, mishandel en soms doodgemaak.

Dit was drie dae se nuus in April 2003. Ons is minus een diktator, maar daar is nog vele ander wat hulle eie volk verdruk en wat Christene vervolg. Uit die Skrif weet ons dat die wêreld in die laaste dae sal swaarkry. Daar sal oorloë en gerugte van oorloë wees. Volke sal geterroriseer word deur magsbeheptes wat aan grootheidswaansin ly. Bowendien sal die volke deur die Satan verlei word om teen Christus en sy kerk oorlog te voer. Ons enigste troos is dat ons weet dat Christus self, die Ruiter op die wit perd, die eindoorwinning sal behaal (Openb. 19:11-21). Hoe sinvol is dit om te bid dat sy koninkryk sal kom! En hoe dankbaar mag ons wees dat ons in 'n vry land woon!

In Hierdie Uitgawe



Tema: Die vrou in die gemeente van Christus

- Vroue wat help deur te dien 3
- Die vrou as profeet, priester en koning 5
- die vrou en die regeeramp 7
- Dr. Vergeer oor 1 Tim. 2 9
- Godly mothers 11
- Kerknous 2
- Oefening in godsvrug 12
- Sondebefes en genade in opvoeding 14
- Sending in Wesbank 16
- Orgaanorplanting 17
- Nuwe boek verdedig die opstanding 20

INSTITUERING VAN DIE FREE REFORMED CHURCH IN SOSHANGUVE-NOORD

Lodewijk IJlst

SENDING

In 1991 het ds. Arjan de Visser as sendeling saam met evangelis Mogashoa begin met die sendingswerk in Soshanguve-Noord. In daardie tyd was hierdie gebied 'n nuwe uitbreiding, waarheen veral middelklas mense getrek het. In Soshanguve woon 'n mengelmoes van mense, die meeste van Sotho-, Ndebele- of Tswana-afkoms. Daar is 'n groot persentasie van die mense wat glad nie glo nie. Sektes soos die Zion Christian Church is sterk aanwesig, en ook die verskillende charismatiese kerke kry steeds meer aanhang.

Die werk het, onder die seën van die Here, vrugte gedra, en in 1995 was daar reeds omtrent 200 lidmate. Deur middel van aksies is daar geld byeengebring vir 'n kerkgebou, wat in 1996 voltooi kon word. Vanaf 1997 is broeder Piet Magagula aangestel as voltydse medewerker. Hy het begin teologie

studeer aan die Mukhanyo Teologiese Kollege. Tydens die sinode van Johannesburg 2002 is hy ondersoek en beroepbaar gestel.

Vanaf die jaar 2000 is daar baie nadruk gelê op die vorming en toerusting van geskikte manne vir die werk in die gemeente. Die groep het 'n basiskursus teologie gevolg, en is stadigaan steeds meer betrek in die gemeentewerk. Die gemeente het ook hulle goedkeuring aan hierdie proses gegee en het dit noulettend gevolg. In 2002 het die gemeente hulle vertroue in 'n aantal broeders uitgespreek. Daarna het die sendende kerk 'n kommissie saamgestel wat na 'n langdurige en diepgaande ondersoek goedkeuring vir die instelling van die ampte verleen het.

Vroeg op Sondag 30 Maart was dit reeds baie besig in die kerk. Daar was heelwat gaste van die naburige kerke van Pretoria, Maranata en Mamelodi, asook afvaardigings van ander kerke en instellings. Daar was ook 'n afvaardiging van die Zendingdeputaten Zuid-Afrika wat spesiaal vir hierdie geleentheid uit Nederland gekom het.

Ds. De Visser het vir die laaste keer as sendeling in die diens voorgedaan. Hy het gepreek uit Titus 2:11-15, met die nadruk op die genade van God wat verskyn het. Hy het verwys na Paulus se bemoedigende woorde aan Titus wat op Kreta die taak gekry het om ouderlinge aan te stel. Die nuwe gemeente op Kreta moes die genade van God bly raaksien. Hulle moes dink aan wie hulle eers was, hoe ver van God hulle was en dan moes hulle raaksien waar hulle nou is en hoe die Here hulle geseën het. Die aanmoediging en aansporing geld ook vir die nuwe gemeente in Soshanguve-Noord.

Daarna is die bevestigingsformulier vir ampsdraers voorgelees, en die broeders Makinta, Etsane en

Sekele is in hulle amp bevestig. Een van die broeders het later genoem dat hy belowe om sy bes te doen om die gemeente te dien, maar dat hy weet dat hy dit nie uit homself kan doen nie en slegs met die Here se hulp dit sal regkry.

Na die diens is daar gelukwensings uitgespreek deur die afgevaardigdes van die kerke van Pretoria, Maranata, Johannesburg en Mamelodi. Daar is briewe voorgelees van ander wat nie daar kon wees nie, onder andere van ds. Dirk Maurits Boersma. Nadat die erediens afgesluit is, is die nuwe ampsdraers gelukkig en het almal nog saam verversings geniet.

Die verwagting is dat die gemeente van Soshanguve-Noord proponent Magagula binne enkele maande sal beroep as predikant. Hulle sal ook aansoek doen vir toelating tot 'n klassis. Die jong gemeente neem ook sy eie sendingsopdrag baie ernstig op; op hierdie stadium is daar samesprekings met die sendende kerk en ander rolspelers oor die rol van hierdie nuwe gemeente in die sendingswerk. Ons kan ook nog noem dat daar in 2000 'n gereformeerde laerskool begin is: Lesedi la Ditshaba Christian School (Lig van die volke). Die skool word deur ouers van die gemeente gedra en het op hierdie stadium ongeveer 50 leerlinge. Na verwagting sal dit binne enkele jare groei tot 150.

Daar lê nog baie onsekerhede voor vir die jong gemeente en vir die kerkverband, maar ons kan die Here dankbaar wees vir alles wat Hy vir ons gedoen het. Ons mag sien en ervaar hoe Hy sy kerk uitbrei oor alle grense heen, ondanks alle moeilikhede! Ons wil die gemeente en kerkraad van Soshanguve die seën van die Here toewens. Ons hoop dat Hy hulle sal laat groei in aantal en in diepte. Aan God alleen die eer! ✠

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Haakbergseweg 47
7161 BG Neede
Sel. 653 591 960

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Intekengelde:

E-pos: R40 per jaar
Suid-Afrika: R80 per jaar
Nederland: Seepos •20
Lugpos •30

VROU WAT HELP DEUR TE DIEN

Ds E. Viljoen

TEMA: DIE VROU IN DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS

“Wat moet ons doen met Debóra?” Dit was my vraag aan ’n ouer kollega toe ek in my studentedae geworstel het met die vraag na die rol van die vrou in die leeramp in die kerk. Debóra het immers ’n posisie van leidinggewing beklee onder die volk van die Here in ’n tyd van afvalligheid. Was dit nie ’n goeie voorbeeld van ’n “vrou in die amp” nie?

Die wyse kollega (dalk was dit sy manier om my vraag te omseil?) het my geantwoord: “Laat ons die Here dank vir Debóra”. En tereg – in ons poging om die opkoms van die sekularisasie in die kerk op die terrein van die verhouding tussen die rol van die man en vrou teë te staan, word ons dikwels verblind vir die goeie gawes van die Here. Vroue wat in die kerk profeteer, leer, bid, besig is met pastorale versorging en les bes ook vroue wat gekenmerk word deur hulle hulp in diens aan ander.

“Elke goeie gawe en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie”. Dit hoor ons van die apostel Jakobus (Jak. 1:17). En met hierdie dankbaarheid moet ons begin. Dankbaarheid teenoor die Here vir die gawe van dienende vroue (en mans!) in die gemeente. Ons moet almal mekaar se diensknegte wees, en tog vind ons in die Nuwe Testament dat daar naas mans wat “diakens” (diakonos-Grieks) genoem word, ook bepaalde vroue was wat erkenning geniet het deur hulle diensbaarheid.

DIENS MET HULLE BESITTINGS EN GAWES

Reeds tydens Christus se lewe op aarde hoor ons van vroue wat Hom “met hulle besittings gedien het” (Luk. 8 : 2-3). Hierdie vroue het Christus, saam met die twaalf, vergesels tydens sy reis van die een stad en dorp na die ander. Dit was heel opmerkbare vroue. Die een was Johanna, die vrou van Gusa wat ’n bestuurder van Herodes was. En dan was daar Susana. Oënskynlik het albei ’n behoorlike posisie in die samelewing beklee; in elk geval kon hulle deur hulle diens met hul besittings deel in die onderhoud en versorging van Christus en sy apostels.

Ná Pinkster, lees ons in Handelingen van Tabita wat ook bekend was as Dorkas. Hierdie Tabita het haar handvaardigheid gebruik in diens van die gemeente en in besonder die armes. Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het (Hand. 9:36). Hierdie Tabita word later deur Petrus uit die dood opgewek en teruggegee aan die weduwees vir wie sy klere gemaak het toe sy nog geleef het. Deur haar opwekking uit die dood word sy aan die gemeente en besonder die weduwees teruggegee as dienende vrou. Sy word “discipelin” (Hand. 9:36) genoem, sonder dat die woord “diaken/diakones” vir haar gebruik word.

DIAKEN VAN KENCHRÉÉ

Trouens, ons kry nêrens in die Nuwe Testament die vroulike vorm “diakones” naas die manne wat diakens genoem word nie. Nogtans kom die manlike vorm (diakonos – Grieks) een keer wel in verband met ’n vrou voor. In die 1953 Afrikaanse vertaling word die woord



met “dienares” vertaal. Fébé, lidmaat van die gemeente in Kenchréé, word by die gemeente in Rome aanbeveel as “beskermster vir baie” (Rom. 16:1-2). Sy word “diaken” genoem met ’n heel eie taak in haar gemeente en word nou as afgevaardigde na die kerk in Rome gestuur. Sonder enige kwalifikasie word die manlike titel “diaken” vir haar gebruik. Sy was nie slegs ’n vrou wat dien nie, maar dra selfs hier ’n titel wat haar werk beskryf.

VROU NAAS DIAKENS

Doelbewus noem ek hulle só – dienende vroue náas diakens. Ons lees van hulle in 1 Timótheüs 3:11. Terwyl Paulus besig is om die lewe en lewenstyl van die diakens te beskryf, noem hy ook nog die lewenstyl van dienende vroue in die gemeente. Hierdie vroue moes waardig wees, geen kwaadspreeksters, nugter en betroubaar in alles. Dit was vroue met ’n eie funksie wat hulle in die kerk moes vervul. Opmerklik genoeg word hulle níé diakens genoem nie.

Sommige eksegete noem hierdie vroue die eggenotes van die diakens. Dit lyk egter onhoudbaar in die konteks. Ook gaan dit nie oor alle susters in die gemeente nie. Dit gaan hier oor ’n besondere groep vroue wat ’n eie plek en funksie in die gemeente gehad het. Paulus praat oor hierdie vroue juis terwyl hy besig is om die werk van die diakens te beskryf. Dit lyk daarom geregverdig om te veronder-

stel dat hierdie vroue juis vroue was wat betrokke is by hulpverlening in die gemeente.

Dit is heel belangrik dat hulle werk juis van dié van die diakens onderskei word. Dit is werk wat onmiddellik in dieselfde asem genoem word. Vroue en mans ontvang gawes op dieselfde terrein van die Gees. En tog funksioneer hulle náás die diakens. Presies wat die verhouding was tussen die broeders wat as diakens genoem word en die susters wat op dieselfde terrein werk, word nie hier vir ons onmiddellik duidelik nie. Dat daar wel samewerking was, is duidelik.

Indien ons Handeling 6:1-7 verstaan as 'n situasie waarin die Griekse vroue nie vra om hulp in die gemeente nie, maar eerder begeer om ingeskakel te word by die diensbetoon (die versorging van ander) in die gemeente, pas dit by hierdie patroon in in Efese waar Timótheüs gearbei het. Sewe broeders word aangestel om leiding te neem by die organisering van die versorging in die gemeente. In die uitvoering van die werk staan broeders en susters naas mekaar.

DIENENDE WEDUWEES

In 1 Timótheüs 5:3–16 ontmoet ons 'n groep vroue wat wel geen diakens genoem word nie, maar op die oog af tog 'n amptelike funksie vervul het. In die Kantaantekeninge van die Nederlandse Statevertaling word hierdie susters selfs “diakonesse” genoem! Dit is duidelik die bedoeling van die apostel dat die weduwees ouer as 60 vir 'n spesifieke taak in die gemeente *aangewys* word. 'n Taak wat openbare erkenning geniet het. Die vereistes wat aan hierdie weduwees gestel word, dui daarop dat hulle 'n heel spesifieke verantwoordelikheid gedra het. Uit die feit dat Paulus sê dat hierdie weduwees “in aanmerking kom”, blyk dit dat hierdie weduwees selfs 'n bepaalde *aanstelling* in die gemeente gehad het.

Dit sou moontlik wees dat hierdie weduwees die vroue kan wees waarna Paulus in 1 Timótheüs 3:11 verwys met hul taak naas die taak van die diakens. Opmerklik genoeg word ook hierdie weduwees glad nie deur Paulus diakonesse genoem nie. Dit staan in elk geval vas dat hierdie susters 'n heel spesiale posisie in die gemeente in Efese ingeneem het. Die werk word nie beskryf nie, maar daar is kennelik 'n bestaande funksie waarvoor sekere susters in aanmerking kon kom.

'n HULP WAT BY HOM PAS

Wat is dus die beeld wat ons uit die Nuwe Testament kry oor dienende vroue in die gemeente? Is daar plek vir vroue in die amp wat ons ken as diaken wat as kerkraadslid dien? Dit is duidelik dat ons nie moet probeer om “die vrou in die amp” teë te staan vanuit blindheid vir die groot bewys van God se goedheid en genade deur dienende vroue in die huwelik, gemeente en samelewing te gee nie. Ons behoort die Here te dank vir dienende vroue, dienende weduwees en susters soos Fébé. Ook ons is geroep om aan sulke vroue funksies in die gemeente te gee.

In menigte opsigte is daar geen onderskeid tussen mans en vroue in huwelik en gemeente nie. Saam dien broeders en susters. Vir 'n onderskeid tussen broeders en susters, is dit nie nodig om op geforseerde manier onderskeid te maak tussen gawes en moontlikhede wat die Here vir ons in huwelik en gemeente gee nie. Saam kry ons as mans en vroue die roeping om beeld van God te wees. Saam moet ons oor die skepping van die Here regeer en dit bewaar. Vir hierdie taak gee die Here gawes deur sy Gees - soveel te meer ná Pinksterdag.

Die onderskeid tussen man en vrou lê nie in die eerste plek in die onderskeie terreine waarop gewerk

moet word nie. Daar bestaan heel fundamenteel 'n eenheid tussen man en vrou. En tog is daar ewe fundamenteel wel 'n onderskeid tussen die rol van man en vrou. In die skeppingsverhaal word vir Eva 'n heel belangrike tipering gegee – sy is “*hulp*”. Hulp wat by Adam pas. In die werk wat saam gedoen word, is haar verhouding tot Adam dié van helpster. Dit is geen tipering van ná die sondeval nie. Soos wat die vrou “helpster” is, is die man “hoof”. Hierdie fundamentele verhouding vind sy toepassing ook in wat ons in die gemeente ken as die ampte van diaken en ouderling.

Vroue word nie uitgesluit van diakonale werk nie, net soos sy nie uitgesluit word van die verkondiging van die evangelie nie. En tog is die taak van die man en vrou steeds onderskeie en kan nie met mekaar uitgeruil word nie. Gawes is nie aan bepaalde geslagte gebonde nie. Seuns en dogters profeteer. Broeders en susters dien. Nogtans beteken dit nie dat daar op die verskillende terreine geen onderskeid is nie. In al hierdie werk sal die man met sy gawes tot uitdrukking moet laat kom dat hy geroep is om “hoof” te wees en die vrou sal in die gemeente maniere soek om uitdrukking te gee aan haar rol as helper vir die man.

In dit alles sal ons as gemeentes erkenning moet gee aan die gawes van die Gees. Ons sal nie uit vrees vir misbruik van gawes deur susters in die gemeente, ondankbaarheid teenoor Christus moet toon nie. Tegelyk sal ons waaksaam moet wees wetende dat die gevolg van die sonde steeds is dat die “helpster” sal begeer na die rol van die man. Ewe veel sal ons in die kultuur waarin ons leef, moet waak teen die man wat oor die vrou wil heers sonder om haar die ruimte te gee wat Christus vir ons saam wil gee om Hom te dien. ☩

DIE VROU AS PROFEET, PRIESTER EN KONING!

Joke Parre-Hartog

TEMA: DIE VROU IN DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS

Hierdie artikel wil 'n bydrae lewer aan die nadink oor die positiewe plek van die vrou in die Christelike gemeente. Wat en hoe is haar plek as sy nie 'n besondere kerklike amp mag vervul nie? Hierdie artikel gaan dus oor die 'amp van alle gelowiges'.

Op die eerste bladsy van die Bybel, in Genesis 1: 26 en 27 staan daar: "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis...en...man en vrou het Hy hulle geskape." Adam en Eva het saam een opdrag gekry: die vervul en bewerk van die aarde. Die Bybel praat nie oor 'n aparte opdrag vir die man of 'n aparte opdrag vir die vrou nie, behalwe die vader- en moederskap. By die skepping is alles in ewewig, in harmonie.

Die sondeval het hierdie ewewig geheel en al en vir die hele lewe versteur. Eva volg die slang eerste in sy verleiding en Adam volg haar. Eers vervloek God die slang en dan, wonderlik!, nog voordat God Eva straf, gee Hy al die moederbelofte... "die vrouesaad sal die slangesaad oorwin"... Eva word getref in haar vrou-wees. Met smart sal sy haar kinders baar en in die mooi verhouding met Adam, haar man, sal dit so wees dat hy oor haar sal heers en dat haar begeerte na hom sal uitgaan. Adam word getref in sy taak, die bewerking en bewaking van die tuin. Die werk sal met swoeg en sweet gepaard gaan... Tog is die Here ook baie genadig. Eva se rol by die sondeval was groot, maar sy mag tog in die weg van die verlossing 'n groot rol speel. Sy mag (in die lyn van die geslagte) moeder van Jesus word.

Man en vrou word deur God toegegerus om die opdrag uit te voer.

Met allerhande verskillende gawes: biologiese, seksuele, sosiale, tegniese, kunssinnige en intellektuele gawes. Sommige gawes is liggaamlik bepaal, die meeste is nie verbind aan man- of vrouwees nie.

Die sondeval het groot gevolge. Alles lê onder die invloed van die vloek. So sal dit wees, het God gesê en so was dit. Die vloek tref die vrou op 'n besondere wyse: sy word deur haar man oorheers. Met krag, met geweld. Ons kan die oorheersing orals sien. In die huwelik, in die gesin, in die samelewing en selfs, dit sê ek met pyn, ook in die kerk. In die Bybel kry die vrou die enigste regte plek. In die Bybel leer ons dat manne en vroue mag en ook moet lewe volgens die norm van Genesis 1:26 en nie na die vloek van Genesis 3:16-19 nie.

Voordat die Here Jesus op die aarde gekom het, was daar nie veel respek vir vroue nie, nóg by die Jode, nóg by die ander volke. Oor die algemeen het die mense liewers seuns as dogters gehad: "Gelukkig hy wie se kinders manne is en wee hom wie se kinders vroue is!" Die Joodse gebedeboek bevat 'n lofprysing wat 'n man drie keer op 'n dag moes uitspreek: "Prys aan God, wat my nie as 'n slaaf of 'n vrou geskape het nie." Vir Jesus het die vrou 'n ander rol gespeel. Die rabbi's het geleer dat vroue geen onderwys mag kry nie, maar Jesus het hulle onderwys gegee. 'n Joodse godsdiensoefening was slegs wettig wanneer daar tien manne aanwesig was, maar Jesus sê: "waar twee of drie in my Naam vergader (en die geslag is nie ter sake nie) – daar is Ek in hulle midde."

JESUS SE HOUDING

Jesus se houding teenoor vroue



was in die tyd ongehoord. Hy praat met vroue, onderwys hulle, genees hulle, het vroue in sy vriendekring en in die heilsgeskiedenis het die vrou 'n besondere plek gekry. Dit was vroue wat die aankondiging van die geboorte eerste gehoor het en wat ook die boodskap van die opstanding van Jesus eerste gekry het.

In die Ou Testament lees ons alreeds baie besondere gebeurtenisse oor die plek van vroue. In Josua 15:16-19 lees ons die geskiedenis van Kaleb wat sy dogter aan Otniël as vrou gee, omdat hy die stad ingeneem het. Sy het haar vader aangespoor om aan haar waterfontein te gee, 'n erfdeel dus. In Josua 17:3-6 lees ons die geskiedenis van die dogters van Selofhad, wat ook 'n erfdeel ontvang het.

In die Nuwe Testament word daar baie aandag gegee aan die funksionering van vroue. In die jong gemeentes word die vroue orals ingeskakel. Om die gemeentes op te bou, stort die Heilige Gees gawes uit... aan "elkeen", soos wat dit al deur die profeet Joël voorspel was. Petrus roep die gemeente op om hierdie gawes ook te gebruik: "Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien, soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God" (1 Petrus 4:10-11).

In Christus is alle gelowiges – manne en vroue – gesalf tot profeet, priester en koning. Die wil van God dat die hele volk 'n koninkryk van priesters sou moes wees, gaan nou in vervulling (Eksodus 19:5-6) Die wens van Moses dat hulle almal profete moet word, word nou werklikheid (Numeri 11:29). Wat doen profete, priesters en konings? Hulle spreek die Woord van die Here, hulle leer die volk, hulle bid tot God, hulle dien die Here en hulle regeer. (HK Sondag 12 vr & antw 32)

IN DIE GEMEENTE

Wat beteken hierdie oorwegings nou vir die “diens van die vrou” in die gemeente van vandag?

Eers wanneer jy al die gawes gebruik, sien jy die beeld van die liggaam van Christus, soos wat Hyself sy gemeente noem. Net in die huwelik is daar rangorde. Die man is die hoof van die vrou. Hoe? Soos wat Christus Hoof is van sy gemeente.

Hierdie beeld word pragtig beskryf in 1 Korinthiërs 12. In hierdie hoofstuk leer ons ook duidelik dink in ander waardes, nie meer waardes van hoog of laag, belangrik of onbelangrik nie. Die gemeente, die liggaam van Christus, word eers volledig wanneer én manne én vroue én getroudes én ongetroudes én jongmense én oumense én mense met 'n gebrek én mense sonder 'n gebrek (wie is dit in elk geval?), kortliks wanneer **almal saam** funksioneer.

Vergaderings, kommissies of wat ook al, wat slegs bestaan uit vroue, of slegs uit jongmense of slegs uit manne, is per definisie ietwat eenzijdig. Soms het die Here dit so bepaal soos in die geval van die kerkraad. Soms het hierdie eenzijdigheid 'n spesiale funksie, dink byvoorbeeld aan die vorming van jongeres, of van moeders, of van vaders, dit is naamlik gerig op 'n

spesiale groep. Wanneer dit egter die hele gemeente betref sou daar sterk gesoek moet word na 'n samestelling, waar die beeld van die totale gemeente sigbaar word.

Manne en vroue is gelykwaardig geskape, maar is tegelykertyd ook verskillend. Die verskil is in die eerste plek liggaamlik. Die taakverdeling het alles hiermee te doen. Dit maak 'n verskil of mense trou of nie trou nie, of egpare kinders kry of nie. Ook die beroep van mans en vroue het hiermee te doen. Dit geld vir albei: manne en vroue. Ons moet altyd bly dink aan die begin: man en vrou het *saam* die opdrag gekry. Dink ook aan die vervolg: in Christus is nóg man, nóg vrou. Dit is die perspektief waaruit Christene (manlik of vroulik) leef en werk.

Die kerk moet wys hoe ons Here, Skepper en Heiland, vroue hul plek gegee het en met haar omgegaan het. Dit geld beslis in 'n land waar groot groepe van die bevolking leef in 'n kultuur waarin die vrou absoluut nie die plek het wat sy volgens God se norm, volgens die Bybel, behoort te hê nie. Daar moet die kerk wys dat Christus sy gawes gelyk uitdeel aan manne en vroue.

STUDIE

Dit gee telkens weer rede vir studie na die hoe en hoekom van die verdeling en uitvoering van take in die Christelike gemeente. Ek dink dat daar meer aktief gesoek kan word na 'n meer amptelike status van die werk wat vroue in die gemeente doen op pastorale, diakonale en kategetiese gebied. Prof J van Bruggen skryf in sy boek 'De ambten in de apostolische kerk' (1984): “Dit is onmoontlik dat die oudstes of opsieners wat die gemeente by en onder die Woord moet hou, in eie persoon alles kan verrig wat nodig en gewens is tot 'n goeie funksionering van die gemeenskap van die heiliges. Hulle kan daarvoor geskikte broeders en

susters aanwys en hulle met spesiale verantwoordelikhede in die kerk belas. Daarvoor is daar nie 'n bevestigingsformulier nodig nie, wel 'n amptelike aanwysing en toetsing. Op hierdie manier sou die posisie van die vrou as medewerkster in Christus duideliker na vore kom.”

In die Gereformeerde Kerke (vrygemaakt) in Nederland, waarvan ek mag lid wees, het die susters gelukkig die aktiewe stemreg. Dit gee al 'n bietjie duideliker die mondigheid weer (al is die stemming dan ook skriftelik). Ongetroude vroue en weduwees het hulle alleen-wees in die kerk altyd ekstra pynlik ervaar by die verkiesing van ampsdraers.

Ons sal met eerbied na God se Woord moet bly luister en nie in die kerklike ontwikkeling ons koers laat bepaal deur ontsporings van ander nie. Mans en vroue moet in gehoorsaamheid aan die Goddelike opdrag in die voortgang van die geskiedenis, telkens weer rustig besin oor hulle gesamentlike plek en taak.

In die voortgang van die geskiedenis is daar ook plek vir die voortgang van die verstaan van die Bybel. Die vashou aan byvoorbeeld tradisies, sonder om dit steeds te toets aan die Skrif, het al gereeld die blye boodskap van die Evangelie ver sluier. Wanneer albei, vroue en manne, hulle, danksy Christus se verlossingswerk, rig na die “in die begin”, gee dit aan albei en ook saam, moontlikhede vir lewensontplooiing en lewensverryking. Dan is daar hoop vir die kerk en samelewing, en toekoms vir die toekomstige geslagte.

Bronne:

Vroue en man, een plaatsbepaling. Mr LGA Bremmer-Lindeboom Vroue en Kerk, GSEV-reeks no 41.

✠

WAAROM DIE VROU NIE DIE REGEERAMP MAG BEKLEE NIE

Ds P Nel

TEMA: DIE VROU IN DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS

Ander skrywers fokus op bepaalde gedeeltes wat dieselfde saak aanspreek. Ek probeer om 'n paar Skrifwaarhede rakende die onderwerp aan te raak. **Dit bring ons by die vraag: Waarom mag die vrou nie die regeeramp beklee nie?**

1. *Omdat die wet van God dit verbied.*

Ons dag word geken deur 'n weerstand teen wette, veral God se wet. Oral word verkondig dat ons 'n nuwe era ingaan waar die strukture van gister vir ewig uitgedien is. Die tien gebooië het egter nie verander nie. Steel is steeds steel en egbreuk is nog altyd egbreuk. God gee in die Bybel aan die mens onveranderlike wette. Dit is dinge wat verbied ("jy mag nie") en beveel ("jy moet") en hulle is in sy skepping vasgelê. Wanneer Paulus wette oor die gedrag van mans en vroue deurgee, gee hy ook dit wat God lank reeds in die wet vasgelê het. Daarom sê hy vroue se onderdanigheid is iets "wat die wet ook sê" (1 Kor. 14:34).

2. *Omdat die vlees hom nie aan God se wet wil onderwerp nie.*

Kon mens nie maklik die eerste punt se inhoud kras en onverbiddelik ervaar het nie? Verklap die subtiele agterdog nie juis die ingebore en tydlose weerstand van die menslike vlees teen die onveranderlike wet van God nie (Rom. 8:7; Gal. 5:17)? Is die "nuwe" insigte, dat vroue verontreg was deur nie te regeer nie, nie tekenend van die mensdom se diskriminasie teen God se openbaring nie? Was die mense van die Bybel (en hulle God!) onkundige en magsugtige primitiewes? Het hulle nie God se Woord so goed soos ons verstaan nie? Het hulle vroue nie liefgehad nie en hulle vroue onderdruk? En wat van God self? Kon Hy wat almagtig is en weet wat ons gaan dink voor ons dit sê (Ps. 139), nie

so nietige dingetjie doen as om in sy Woord onfeilbare onveranderlike reëls op Skrif te stel nie? Is die mens van vandag skielik die goeie een? Kan ons werklik die eeu oue waarheid van God deurvors en beter as die Gees van God, die Gees wat die Bybelskrywers gedryf (2 Pet. 1:21) en die Bybel ingegee het (2 Tim. 3:16)?

3. *Omdat dit die hele wet van God aangaan.*

Ons "taboe" fokus op een lewens-terrein, maar dit is nie los van ander lewenssterreine nie. Die gesag van die Bybel gaan oor alle samelewingsverbande. As die kerk gediskrimineer het teen vroue, teen wie dan nie nog nie? Ons besinning gaan nie oor 'n aparte saak nie. Ons sien dat kerke wat vroue in die amp toelaat, na 'n rukkies sit met die vraag oor diskriminasie teen homoseksuele predikante, teen ander gelowe en teen kinders aan die nagmaalstafel. Ons ken almal die domino-effek. As die eerste domini(vr)ou geval het, is dit 'n kwessie van tyd. Nee, die Bybel is 'n integrale geheel (Joh. 10:35).

4. *Omdat die regeeramp 'n formele amp is.*

Die woordjie "amp" in "regeeramp" wys op 'n spesifieke amp. In die Bybel kan alleen sekeres die amp in God se gemeente beklee deur 'n wettige verkiesing en nadat hulle voldoen het aan die kriteria daarvoor (Matt 10:1-2; Joh 6:70; Hand 6:1 ev; 14:23; 1 Tim 3:1, 10 ens). Die woord "amp" is dus baie spesi-fiek. Ons wys nie met "amp" na nie-amptelike funksies wat verrig kan word nie. Amp beteken meer as "vaktotum", "koster" of "orrelis". Al verrig die koster 'n spesifieke taak, is dit iets anders as wat ons met die besondere ampte bedoel. Dit is ook anders



as die funksie wat Fébé, of die senior vroue van 1 Tim 5:9 beklee het¹. Die NGB en die Kerkorde onderstreep die drie wettig omlynde ampte in die kerk, wat na die Nuwe-Testamentiese tyd bly voortbestaan het, naamlik leraars, ouderlinge en diakens². Dit beteken nie dat die ander mense nou geen taak in die gemeente het nie, inteendeel! Alle lidmate dien as lede van die liggaam van Christus in die amp van gelowige en elkeen is ewe belangrik (1 Kor 12).

Voor die woordjie "amp" het ons titel ook die belangrike woord "regeer" gevoeg. Dit maak duidelik dat die persone in die gemeentelike amp, soos 'n koning of president optree. Hulle heers oor ander en oefen gesag uit. Die NGB praat van hulle geestelike "bestuur" (Art 30). Ons bely as lidmate daarom dat ons ons "onderwerp" aan die kerklike opsig en tug. Die Bybel noem die ouderlinge "opsieners" (Fil1:1; 1 Tim 3:1), oudstes (Hand 20:17; vgl Rut 4:2; 1 Kon 20:7) en "herders" (Hand 20:28). Dit wys duidelik dat die mense oor ander toesig en beheer uitgeoefen het.

5. *Want die vrou is 'n "vrou-mens".* Die woord "vroumens" moet nie negatief verstaan word nie, vandaar die koppelteken. Die vrou is een van net twee geslagte. Sy is daardie geslag wat die natuurlike gawe van God ontvang het om kinders in haar skoot te mag dra en hulle in die wêreld te mag bring, as "vroumens". Geen "mans-mens" het daardie eer, seer of vermoë nie. In sy skeppingsontwerp het God dit dus beplan dat geen man hierdie voorreg mag hê nie. Paulus wys dat daar egter ook kategorieëse

uitsluitings is wat vir die vrou geld. Sy mag nie oor die man heers of hom leer nie (1Tim 2:13-14). Op die gedeelte, wat dit die duidelikste belet, gaan Kompas elders in die uitgawe in. Let op dat dit God self is wat die verbod op die vrou plaas. Hy fundeer dit in sy eie *skeppingsorde* en ook in die *sondeval*. Met die uitsluiting sê die Bybel dat geen vrou-mens die kerklike regeeramp mag beklee nie. Daarmee misken Hy tog die vrou nie, net so min as wat dit gedoen word as Hy sê dat 'n mans-mens geen kinders in die wêreld mag bring nie!

6. *Want gelykheid is 'n illusie.* Daar is volgens die Bybel 'n beperking op almal se funksionering in die gemeente. Dit alles is so deur God gesê (Skriptuur) of deur Hom ontwerp (Natuur). God beveel dit so of God maak dit so. Nêrens weerspreek God se skeppingsorde sy skeppingswoorde nie. Skrif en natuur ondersteun mekaar. Die tweedeling tussen die geslagte is nie die enigste skeidslyn nie. God trek die sirkel om die amp nog kleiner. Hy bepaal ook dat sekere mans-mense nie oor ander mense mag regeer nie. Net mans wat voldoen aan die vereistes van die amp mag daarin dien. Die tema: "Waarom vroue nie in die regeeramp mag dien nie", bedoel nie dat *enige* mans daarin mag dien nie. Dié onderskeid is ook nie een van meerwaardigheid nie, sekere mans is nie belangriker as ander, of mans belangriker as vroue nie. Wat dit sê is dat Christus alleen sy gemeente regeer en Hy stel vereistes vir wie Hom op welke wyse ook al kan dien. Die koppeling van belangrikheid en status aan ampte en posisies bestaan nie by God nie. Dit is 'n Westerse konnotasie wat ons idee oor menswaardigheid al veel skade gedoen het. In elk geval het God ook groot "ongelykhede" in dieselfde geslagte gegee. Nie almal is ewe talentvol, mooi, gesond of welgesteld nie. Ons filosofie van onmenslikheid kan ons juis onmenslik maak! Ons impliseer tien onwaardige dinge deur een te probeer bestry.

7. *Want die huisgesin is die bousteen van die gemeente.* Waar die mens maklik die koning of president as die sleutelfiguur sien, sien God die ouers as die sleutelfiguur in die samelewing. Dit is net God en die ouers wat in die tien gebooue as gesagsfigure aangedui word. God staan aan die eerste tafel se hoof en die ouers aan die van die tweede tafel. Adam en Eva was eerder 'n gesin as enige iets anders. God maak die mens om in 'n gesin te funksioneer. Die vrou staan duidelik onder haar man se gesag in die huis (1 Kor 11:3; Ef 5:22, 33; Kol 3:18; 1 Pet 3:1-6). Dit is juis die man wat sy huis goed kan regeer wat oor God se huis mag regeer (1 Tim 3:5).

8. *Want God is 'n God van orde.* Die planeet het elkeen hulle eie unieke funksie en so die mens ook. Adam en sy vrou moes God se gesinsorde respekteer. Al is hulle, beide die ouers van hulle kinders, het elkeen ook hulle eie rol gehad om te speel. Dié rolle was reeds so bepaal voor die sondeval. Dit was alles goed in God se oë! (Gen 1:31) Wie dus meen dat manlike leiding diskriminasie is, kla die Skepper van onreg aan. God maak Adam en Eva om te heers oor die skepping, maar Adam om te heers oor sy vrou. Net so min as wat hulle heersing oor die sondelose skepping diskriminasie was, was Adam se sondelose heerskappy oor sy vrou, of hulle s'n oor hulle kinders, dit. Sy aanvaar dit ook gelate dat haar man oor haar heers, as hy aan haar 'n naam ("Mannin"), net soos hy met die diere doen, gee. Sy aanvaar dit net so geredelik dat hy haar leer. Hy skool haar oor die boom van kennis. Na die sondeval moet die gemeente weer die goeie orde van God se skepping terugbring in die gevalle wêreld. Deur die Heilige Gees herstel hulle weer deur gehoorsaamheid aan God se openbaring aan die gesin die Paradysideaal. Die vrou word daarom herhaaldelik beveel om aan hulle mans onderdanig te wees en dit in alle fasette van die gemeentelike lewe te wys (1 Kor 11; 14; Ef 5:22-33; Kol 3:18; 1 Pet 3:1-7). Op die manier heers die egpaar weer.

9. *Want diakens is ook deel van die kerkraad.*

In Filippense 1:1 sien ons dat die diakens ook saam met die ouderlinge aangespreek word. Hulle is deel van die bestuur, die "kerkraad" (1 Tim 3)³. Ons sien dat die ouderlingsamp die "hoofsetel" van menslike gesag in die kerk verteenwoordig (Openb 4:4; 2 Joh 1:1; Hand 15:2 ens.) en dat die take duidelik verskil. Tog is beide formele ampte en beide beklee 'n leidende rol in die gemeente. Sou die diaken nou nie meer as kerkraad geag word nie kom daar spanning met die Belydenisskrifte en met die Kerkorde. Daarin sien ons dat die Diaken deel is van die kerkraad (vgl gerus maar die NGB Art 30; KO Art 20 (VGK; 22-24 Dordt). Dus moet ook die kerklike belydenis en orde verander word.

10. *Want vroue het hulle eie regering en lering.*

Paulus wys Titus op die edele taak van vroue om hulle eie huise te regeer. Spreuke noem die huisvrou kosbaar (Spr 31:10). Wanneer vroue hulle huise weer regeer sal hulle godvresende mans gelukkig wees en daar goed gepraat word van hulle in die stadspoorte (Spr 31:23; Ps 127:3-5). Paulus het dit juis teen 'n swak beeld van die kerk as hy vra dat vroue waardig moet optree en die oueres die jonges moet leer om aan hulle eie mans onderdanig te wees "sodat die Woord van God nie belaster mag word nie (Tit 2:3-5)

11. *Want die druk om vroue te laat regeer is as gevolg van die tydsgees en nie van die Heilige Gees nie.* ✠

¹ As dit nodig is kan mens later op die stelling verder gaan.

² Party voel dat die amp van evangelis ook nog in uitsonderlike gevalle ingespan mag word, maar die amp van apostel en profeet is duidelik afgesluit (Ef 2:20; Hand 1:21-22; 2:42; Jud 1:3, 17; ens).

³ Paulus onderskei hier tussen diakens en "die vroue".

IS DR. VERGEER SE UITLEG VAN 1 TIMOTEUS 2:11-15 GELDIG?

Ds Rob Visser

TEMA: DIE VROU IN DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS

Die laaste Sinode van die GKSA het 'n beswaarskrif van prof Van Rensburg en dr Vergeer teen die uitsprake van die Sinode van 1988 behandel. 'n Baie belangrike agtergrond van hierdie beswaarskrif is die eksegeese van 1 Timoteus 2:1-15. Sowel prof. Van Rensburg as dr. Vergeer het hulle reeds voorheen oor die eksegeese van hierdie Skrifgedeelte uitgespreek.¹

As 'n mens nou na die Sinode terugkyk, was volgens my 'n baie belangrike en beslissende oomblik in die Sinode toe van die volgende sinne in die kommissierapport oor die bogenoemde beswaarskrif kennis geneem is: "Beswaardes motiveer dit deur die "gedagte-opbou" van 1 Timoteus 2:1-3:16 wat hulle voorstaan, as "geldiger" as die Sinode (die van 1988, RV) voor te hou.

Na die oordeel van die kommissie kan die "gedagte-opbou" wat die beswaardes voor staan, **wel as geldig beskou word**, (beklemtoning deur my, RV) maar – soos die beswaardes met die woord "geldiger" toegee – nie as die enigste geldige beskouing nie."

Hier word o.a. duidelik dat hierdie beswaarskrif eintlik nie oor prinsipiële redes afgewys is nie. Volgens die kommissie het prof. van Rensburg en dr. Vergeer ook 'n geldige eksegeese maar kan hulle nie bewys dat die een van die Sinode van 1988 ongeldig is nie. Dit was die belangrikste rede op die Sinode om die beswaarskrif af te wys. Hierdie beswaarskrif teen die Sinode se voorstel om uit te spreek dat vroue in alle ampte kan dien waar dit in vrede kan gebeur, is nie op prinsipiële gronde afgewys nie. Daarom kon die Sinode na die afwysing van hierdie beswaarskrif

dieselfde dag besluit om die vrou tot die diakenamp toe te laat en 'n duidelike opening daarvoor te laat dat later ook die ampte van ouderling en predikant vir die vrou oopgestel kan word.

'n Belangrike vraag is nou of die eksegeese van prof van Rensburg en dr. Vergeer regtig 'n geldige uitleg is. Die beste manier om hierdie uitleg te toets is om na dr Vergeer se artikel in "In die Skriflig" van Desember 2002 te kyk. Ons vind daar die mees uitgebreide verantwoording van hierdie eksegeese. Die toets sal veral nadruk moet lê op wat dr Vergeer van die verse 13-15 sê. Eers egter 'n algemene beeld van dr. Vergeer se uitleg.

DR. VERGEER SE UITLEG

Dr. Vergeer meen dat 'n mens die tema van 1 Timoteus so kan omskryf: "Hoe om 'n goeie Christenleier te wees."² Dit sou dan in 2:1-3:16 om "die Christen leier se gemeente"³ gaan. Ons lees dan volgens Vergeer in 2:1-7 wat die doel van 'n gemeente is: "rustige, toegewyde en eerbare lewe sodat buitelanders tot kennis van die reddende waarheid kan kom."⁴

Dit sou dan in die verse 9-15 daaroor gaan "hoe vroue die doel kan dien".⁵ Die voorskrifte wat ons hier vir vroue lees sou so tydgerig wees dat hierdie voorskrifte nie meer vir die vroue van ons tyd geld nie. Volgens dr. Vergeer voldoen die voorskrifte vir die vrou wat in die verse 11,12 nie aan die herstelde posisie van die vrou in Christus nie.⁶ Die voorskrifte in vers 11,12 lees: "Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou."



Vroue in Efese moet volgens Vergeer in hulle tyd nog rekening hou met "destydse persepsie oor die vrou" en dit het volgens hom by die voorskrifte van vers 9-12 'n deurslaggewende rol gespeel.⁷ Die vrou wat toe in Efese geleef het kon, volgens Vergeer, nog nie vanuit die totaal herstelde posisie van die vrou in Christus leef nie, want dit sou die rustige en stil lewe van die gemeente ondermyn. 'n Groot probleem by dr. Vergeer se eksegeese is o.a. die verse 13,14 waar ons as rede vir die voorskrifte in vers 11,12 lees: "Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom." Paulus grond die verbod vir die vrou om onderrig te gee en oor die man heers op die skepping en wat by die sondeval gebeur het. Wat doen dr. Vergeer daarmee?

1 TIM. 2:13,14

Dr. Vergeer meen dat Paulus in die verse 13,14 'n Joodse redenasie oor die posisie van die vrou oorneem omdat hierdie redenasie toe onder die Jode groot outoriteit gehad het.

Ek haal dr. Vergeer nou breed aan om hom werklik reg te doen: "Sowel die skeppingsmotief as die sondeval- en verlossingsmotief (dit gaan oor vers 15, RV) wat in 1 Timoteus 2:13-15 genoem word, dui dus in die rigting van eietydse Joods-Hellenistiese gedagtes oor die posisie van die vrou in Efese 62-64 n.C. Hierdie uitsprake het *nie* ten doel om die herskape posisie van vroue in Christus te

beskryf nie, maar beskryf eerder die milieu waarbinne Christenvroue die evangelie moet bring. Vroue dra by tot hierdie rustige en stil lewe as hulle hulle met goeie werke versier en goeie moeders is. Terselfdertyd moet hulle nie opvallend getooi wees of in die openbaar praat of mans leer nie. Hierdie voorskrifte is daarop gemik om vroue ter wille van die geloofwaardigheid van die evangelieverkondiging te laat beantwoord aan vereistes wat in die Joods-Hellenistiese samelewing van Efese hoog geag is. Dit is begryplik waarom Paulus (2:13-15) onder sulke omstandighede die Joods-Hellenistiese denkraamwerk oor die posisie van vroue in die samelewing as motivering deurgee.”⁸

Verder meen Vergeer dat hierdie strategie by Paulus nie vreemd is nie, want volgens hom het Paulus dit ook gedoen toe hy Timoteus besny het. Dit sou volgens Vergeer deel van Paulus se missionêre strategie wees soos ons daarvan lees in 1 Kor. 9:20,22: “Vir die Jode het ek soos ’n Jood geword om Jode te wen Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red”.⁹

TOETSSTEEN

Ons moet na 1 Timoteus 2:13,14 kyk en dr. Vergeer se eksegese daarlangs lê. Hierdie eksegese het dr. Vergeer daartoe gebring om in die Bybellennium te skryf: “Dit is glad nie Paulus se doel om hier wette neer te lê vir alle gelowige vroue in alle gemeentes deur al die eeue nie.”¹⁰

Het ons hier nog met geldige eksegese te make?

Ek meen om die volgende redes dat dit wat dr. Vergeer ons wys nie meer werklik eksegese is nie.

Die eerste wat ’n mens al dadelik moet laat pasop vir dr. Vergeer se uitleg is dat Paulus op geen enkele manier ’n aanduiding gee dat sy voorskrifte vir die vrou ’n aanpassing aan die omstandighede toe in Efese was nie. Hy wys op geen enkele manier daarop dat die vroue in Efese ter wille van die omstandig-

hede nie vanuit, wat dr. Vergeer die herstelde posisie in Christus noem, mag leef nie. Paulus gee op geen enkele manier in ons teks aan dat hy vir Christenvroue hier beperkings oplê wat net tydelik is en waarvan hulle eintlik nog bevry moet word nie.

Die beroep wat dr. Vergeer op die besny van Timoteus doen, maak juis duidelik dat dr. Vergeer se eksegese van 1 Timoteus 2:9-15 nie geldig is nie. As ons daarop let dat Timoteus deur Paulus besny word en Titus juis nie besny word nie, vertel Lukas en Paulus *hoekom* die een wel en die ander nie besny is nie.

Ons lees in Hand. 16:3 van Timothéüs: “Paulus wou hê dat hy saam met hom op reis sou gaan, en hy het hom geneem en besny *ter wille van die Jode* wat in daardie streke was: want hulle het almal geweet dat sy vader ’n Griek was.”

Lukas wys in sy beskrywing dat Paulus vir die Christene duidelik gemaak het dat dit hier om ’n uitsondering gaan en dat hulle hieraan nie die gevolgtrekking mag verbind dat Christen-Jode nou hulle seuns moet laat besny nie.

As hierdie misverstand dreig en selfs die dreiging bestaan dat Joodse Christene vir die broers en susters uit die heidene gaan sê dat hulle ook hulle seuns moet laat besny, tree Paulus met krag op. Ons lees daarvan in Galasiërs 2: “Maar selfs is Titus, wat by my was, nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy ’n Griek was; en dit vanweë die ingesmokkelde valse broeders wat ingesluip het om ons vryheid te bespied wat ons in Christus Jesus het, sodat hulle ons in diensbaarheid kon bring.” (vs. 3,4)

Die voorbeelde van Timoteus en Titus maak juis deursigtig dat dit wat met hulle wel of nie gebeur nie, in die Skrif duidelik gemotiveer word. Dit gebeur by Timoteus met “ter wille” en by Titus met “vanweë”. Ons sien hier weer die reël vir geldige eksegese: Die Skrif lê

homself uit.

Dr. Vergeer kom met hierdie reël in stryd omdat die Skrif self geen enkele aanduiding gee dat Paulus in 1 Tim. 2:13-15 ’n Joods-Hellenistiese redenasie gebruik om vroue te laat leef volgens die norme van die samelewing van toe en daar nie. Dit is iets wat dr. Vergeer heeltemal van buite af in die teks inlê en daarom is dit nie meer uitleg nie maar inlegkunde. By dr. Vergeer word nie net na die konteks gekyk om ’n teks duideliker te laat uitkom nie. Dr. Vergeer haal van buite die Bybel sekere dinge aan om die begronding van die norm in vers 11,12 vir vandag buite werking te stel.

Ons bely o.a. in art. 3-7 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis dat die Bybel die Woord van God is. Ons leer o.a. in 1 Petrus 1:21 dat die Heilige Gees *die skrywer* van die Bybel is.

TEENSTRYDIG

’n Groot probleem wat ek met dr. Vergeer se eksegese het, is dat die Gees in Paulus se tyd volgens hom nou eintlik twee dinge gesê het. Volgens Vergeer is die Gees se doel en wil dat man en vrou volkome gelyk is. Hy grond dit veral op Gal. 3:28. Dieselfde Gees wat dit wil, sê in Efese vir die vroue dat hulle veral nie so volledig volgens God se doel en wil mag leef nie. Hoe kan die Gees wat God is, hierdie teenstrydige dinge sê? Dr. Vergeer sê dat Paulus in 1 Timoteus 2:13-15 Joodse en Griekse redenasies oor die vrou oorneem. Paulus laat, volgens hom, hierdie redenasies die redes vir die voorskrifte van vers 9-12 wees. Dit wat ons in vers 13-15 lees sou nie werklik God se norme wees waarop die voorgaande gegrond is nie. Dit was maar Joodse en Griekse redenasies wat toe in Efese belangrike norme was.

Ek moet dit nou baie eerlik sê – ek kan dit nie anders verstaan nie – dat Paulus volgens hierdie redenasie mense om die bos lei. Paulus skryf hier so dat hy daarvan

oortuig is dat hy in die verse 13-15 die begroning vanuit die Skrif gee vir wat hy eerder geskryf het. Hy grond dit op God se orde by die skepping en in wat by die sondeval lê. Volgens dr. Vergeer se redenasie is wat Paulus skryf eintlik nie Paulus se oortuiging nie. Dit is volgens hom eintlik Joodse gedagtes wat eintlik nie met God se norm in ooreenstemming is nie. In gewone taal beteken dit dat Paulus nie skryf waarvan hy self oor-tuig is nie. Hy weet eintlik dat dit wat hy in die verse 13-15 skryf nie volgens God se norm is nie. Hoe kan Paulus dit as instrument van die Heilige Gees doen?! Dit stry tog met die heiligheid en Goddelikheid van God se Woord as Paulus dit so gedoen het?! Hoe is dit dan moontlik dat die Gees hierdie gedeelte as deel van God se onfeilbare Woord in die Bybel 'n plek gegee het?!

My gevolgtrekking kan nie anders wees nie as dat dr. Vergeer se eksegeese nie geldig is nie. Dit is in stryd met die gereformeerde hermeneutiek wat van die Skriftuurlike beginsel uitgaan dat die Skrif homself uitlê. As ek dr. Vergeer se eksegeese lees is ek daarvan oortuig dat die oordeel van die sinodekommissie van die Christelike Gereformeerde Kerke van 1998 oor die minderheidsrapport oor die vrou in die amp ook op hom van toepassing is: "Ten aanzien van de hantering van de hermeneutische principes meent de commissie dat het minderheidsrapport *elemente bevat die op gespannen voet staan met de hermeneutische regel dat de Schrift zichzelf uitlegt, neigt naar actualistisch Schriftgebruik, onvoldoende recht doet aan de samehang tussen schepping en verlossing en onvoldoende onderkent dat de apostel Paulus in zijn onderwijs over actuele vragen met gezag terugvalt op een blijvend grondpatroon dat door God in de schepping is gelegd.*"¹¹

Dr. Vergeer se eksegeese slaag nie die toets nie as dit volgens die Skrif self beoordeel word. ☩

¹ Fika J van Rensburg 1993 *In: Bybel in Praktyk*,

Vereeniging: CUM p. 1881,1882

Wim C Vergeer 1999 *In: Bybellennium*, Vereeniging:

CUM p. 1634-1636 Wim C Vergeer 2002 *In: In die Skriflig* Jg 36, 4 p. 661-689 ☩

² In die Skriflig p. 672

³ In die Skriflig p. 672

⁴ In die Skriflig p. 673

⁵ In die Skriflig p. 673

⁶ Bybellennium p. 1635.

⁷ Bybellennium p. 1635.

⁸ In die Skriflig p. 682,683.

⁹ In die Skriflig p. 683

¹⁰ Bybellennium p. 1635

¹¹ Generale Synode van de Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland 1998. *Vrouw en ambt*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn p. 141

GODLY MOTHERS

TEMA: DIE VROU IN DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS

**Godly mothers make the nation
That is prosperous, and blest.
They are heralds of salvation
And the everlasting rest.
We can not be truly happy
In rebellion and in sin.
Righteousness exalts the people
That are cleansed without – within.**

**Godly mothers are the bulwarks
Of our nation's strength and power.
Their example, and uprightness
Are the things we need this hour.
If our mothers prize the Bible
And its truths divine embrace
So the children too will follow
And espouse the Heav'nly race.**

**Godly mothers are true symbols
Of the nation's joy and pride
And their offspring trained and tutored
Through their families far and wide.
They will lay the best foundations
For the nation's future role
And invoke the Saviour's blessings
On our national life and soul.**

**Oh for Godly saintly mothers
Through this nation to abound
Who will cherish Christian values
And in Gospel work be found.
Let our prayers be for our mothers,
Bearing burdens, great and tall;
May they know God's special wisdom,
And his blessings on them all.**

Words & Music by W T Sonners

(Gedig oorgeneem uit 'The Launceston Letter', mededelingsblad van die Free Reformed Church of Launceston, Tasmania, 11 Mei 1997) ☩



OEFENING IN DIE GODSVRUG

Ds. J. van der Linden

LEWENDE GELOOF

Vorige maand is intensief aandag gegee aan die godsvrug. Oor die belang daarvan dat God se vrug in ons sigbaar word. Maar dit mag nie daarby bly dat ons slegs oor die belang van die godsvrug praat nie. Want nadat Paulus gepraat het oor die rykdom van die godsvrug in gelowiges se lewe (1 Tim 3:16), gee hy 'n opdrag aan Timótheüs: Oefen jou nou ook in hierdie godsvrug (1 Tim 4:7). Die begeerte dat God se vrug in ons oorfloedig moet wees, moet gepaard gaan met intensiewe oefening.

Ons hoop om in die volgende paar maande aandag te gee aan aspekte van hierdie oefening. Maar eers is dit belangrik dat ons stilstaan by die teks waar hierdie uitdrukking voorkom, naamlik 1 Tim 4:7-8: *“Maar verwerp onheilige en oudwysse fabels, en oefen jou in die godsaligheid (godsvrug). Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid (godsvrug) is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomstige lewe het”*.

OEFENING

Die Here maak 'n vergelyking wat baie belangrik is om te verstaan wat met die oefening in die godsvrug bedoel word. Die liggaamlike oefening word vergelyk met die oefening in die godsvrug.

Daarmee wil die Here hê dat ons gedagtes na die sportwêreld moet gaan. In die tyd van Paulus was die sportwêreld baie bekend, veral 'n tipe atletiek. En dan sien jy voor jou 'n atleet wat ure op die baan besig is. 'n Hele oefenprogram is uitgewerk. Alle opoffering moet gegee word om daarby te hou. Aan swakhede word intensief gewerk. Oor en oor word herhaal totdat dit ingeoefen is, totdat dit 'n tweede natuur geword het.

Groei en vordering is sigbaar. Daar word hard gekonsentreer. Tyd word afgestaan vir die saak, maar ook goed benut. Want in alles is die oog gefokus op daardie groot wedloop wat kom.

Doelgerig, ywer, roetine, herhaling, volharding. Dit is alles woorde waaraan 'n mens kan dink wanneer Paulus so praat oor die liggaamlike oefening. En dit is nou presies ook wat Paulus wil betrek by die oefening in die godsvrug. As dit gaan oor die oefening in die godsvrug, moet hierdie dinge ook kenmerkend wees in die lewe van gelowiges.



GERIG OP DIE GODSVRUG

In hierdie brief aan Timótheüs waarsku Paulus vir baie dinge wat God se kinders kan bedreig. Hy praat van geesdrywers wat geen waarde aan die huidige en liggaamlike lewe heg nie (1 Tim 4:1-5). Mense wat hulle besig hou met onbenullighede (“onheilige en oudwysse fabels”).

Daar is so baie dinge wat 'n mens se aandag aftrek van wat belangrik is. So gou word ons verlei om ons aandag en tyd op die verkeerde manier te gebruik. Juis in die kerk kan dit ook 'n groot gevaar wees, daarom dat Paulus Timótheüs moet waarsku hiervoor!

Die wêreld en die Bose doen alles in hulle mag om ons energie en belangstelling op te eis, weg te trek van die fokus wat God in ons lewe gee, naamlik godsvrug. Die vrug wat voortkom uit die nuwe lewe met God. Die nuwe gehoorsaamheid wat oor my hele lewe strek.

Dink hier maar net aan ons tydsindeling! Ons program is vol met allerhande dinge. Belangrike dinge, soos my werk, studies, my gesin ensovoorts. Maar het ons nog tyd om rustig met ons Vader in die hemel te praat oor dit wat die dag moet gebeur of gebeur het? Verander ons nog ons program so, dat ons die basiese dinge vir ons kinders, naamlik die opvoeding in die vrese van die Here, dat ons dit deeglik kan doen? Het ons tyd om in die week ook verder te werk met die preek? Of om tyd te neem vir die onderlinge gemeenskap van die heiliges: om mekaar op te soek, te bemoedig, en ook aan te spreek waar nodig?

Juis ons tydsindeling wys baie keer waarop die fokus in ons lewe is! Ook hiervan geld: “Word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie...” (Rom 12:2). Ons tydsindeling moet 'n Christelike styl vertoon! Hoe ontsettend groot die druk van buite ook al is, ons program mag nie bepaal word deur die wêreld nie, maar moet vernuwe word volgens God se bedoeling met my tyd en aandag!

GEHEILIG

En dan mag ons ook nie maak soos die dwaalleerraars waarvan Paulus praat, nie. Ons moet ook nie kluisenaars word wat die aardse lewe verag nie. Met my werk, gesin, studies, selfs my stokperdjies is op sigself niks mee verkeerd nie. Dit is alles gawes van God. Dinge wat God geskape het, en opdragte wat God aan my gee (vergeelyk 1 Tim 4:4).

Maar dit moet dan nog wel “geheilig” word deur die Woord en die gebed (1 Tim 4:5). Dit is deur die Woord van verlossing wat ek die regte sig kry op wat die plek

en funksie van al hierdie dinge is. Die Woord moet my verlos van my verkeerde idees oor besigheid, oor huisvrou wees, oor skoolwerk. So word die mag van die sonde in my lewe verbreek deur die Woord en die gebed.

En die Woord moet my nou ook die weg van gehoorsaamheid wys, sodat al hierdie dinge deel word van God se vrug in my. God wil sy vrug ook in hierdie natuurlike, aardse dinge in my werk. So word die lewe, my alledaagse lewe geheilig: dit word weer afgesonder vir die diens aan God. Dit bereik weer die doel wat God daarmee het.

Op sigself hoef daar dus niks verkeerd te wees met al daardie dinge waarmee ek my program vul nie. Die vraag is of dit alles betrek word in die een groot wedloop van my lewe: die jaag na die godsvrug (1 Tim 6:11). Want daarop moet my fokus wees! En alles moet wyk vir hierdie doel (selfs my dagindeling waaraan ek so geheg geraak het!). Jaag na die godsvrug! Daarvoor moet ek my inspan, net soos 'n atleet dit sou doen vir 'n wedloop.

RYKER

Tog is daar ook duidelike verskille met die liggaamlike oefening. Die oefening in die godsvrug is veel ryker. Allereers omdat ek nie oefen om eendag godsvrug voort te bring nie. Die oefening self is al deel van God se vrug in my!

Soos wat ek oefen, groei God se vrug in my. Soos wat God se vrug in my groei, oefen ek harder.

Hierdie oefening in die Godsvrug is iets wat onder God se seënende hand mag plaasvind. God seën my gehoorsaamheid deur groter vrug in my te werk en tegelyk ook om groter inspanning te gee vir my oefening. 'n Dubbele seën van die Here!

Die godsvrug is ook op 'n ander manier nog baie ryker. Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut. Dit is vir min dinge en vir 'n kort tyd nuttig.

Maar die oefening in die godsvrug - om my toe te lê op die godsvrug - om te jaag na die godsvrug, dit is nuttig vir *alles!* Dit gee waarde aan my gesprekke. Dit help my in my

diens aan God. Dit gee wysheid vir die opvoeding van my kinders. Dit is selfs waardevol om my hond te versorg!

Dit bring seën voort vir alle dinge in my lewe. Want dit het die belofte van die lewe, nou en by die wederkoms van Christus.

Deur die oefening in die godsvrug begin ek steeds duideliker sien wat die lewe met God inhou, wat die gehoorsaamheid is wat Hy vra. Deur die oefening in die godsvrug word die wandel met God steeds meer intiem. Ek ervaar steeds meer die *lewe*: om by God te wees en om gehoorsaam Hom te volg in alle dinge wat Hy oor my lewe bring. Dit is die egte lewe waarin ek moet groei deur oefening. Vandag reeds is daar soveel wat ek mag ervaar en geniet in die lewe met die Here. So 'n rykdom wat baie keer voor ons oë verbygaan, omdat ons oë nie in die geloof hierop gerig is nie.

Daar is 'n groot genadige beloning vir wie hom inspan om sy fokus by die regte dinge te hou: lewe met God, nou en tot in ewigheid! **Tyd en moeite word deur God geëis, maar ook ryklik beloon!** ☩



FOLMER BOEKHANDEL

**19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika**

**Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927**

GUNNINK, G: Mens, waar ben je? – Lucas' ontmaskering van de godsverduistering. As gevolg van Skrifkritiek en die boodskap van 'die afwesigheid van God' begin baie gelowiges twyfel. Hierdie boek van ds Gunnink laat ons duidelik die soeke van God na die mens in die Evangelie van Lukas sien. God se vraag aan ons "Mens waar is jy" noem ds Gunnink die evangelie in vier woorde. Met besprekingsvrae. 119 bl. R35 (slegs twee kopieë beskikbaar).

WESTERINK, H: A sign of faithfulness is die vertaling van 'Een teken van trouw'. ...This book on baptism is a jewel. One seldom comes across a book that simultaneously matches such simplicity to profundity, and vice versa. The author clarifies the marvelous continuity (and discontinuity) between the old and new covenant with respect to the question of baptism – infant baptism in particular... 128 bl. R51,50

VAN GENDEREN, J: Covenant and election is die vertaling van 'Verbond en Verkiezing' en dit behandel die volgende:

1. Is the Covenant dominated by Election?
2. Is Election the starting point in the doctrine of the Covenant?
3. A new view on Election and Covenant

4. The distinction and similarity between Covenant and Election
5. The connection between Covenant and Election.
6. Covenant and Election in harmony and perspective
7. The origin of the doctrine of the Covenant
8. From Calvin to Cocceius
9. The Covenant doctrine of Woelderink and Schilder
10. From Barth to Berkhof 110 bl. R90

CD nr 197093: EEN LOFLIED OP ZIJN NAAM – Christelijk Streekmannenkoor 'Noord-West Veluwe' olv Martin Mans, mmv Riet den Hertog - sopraan, Anja van der Maten – hobo, Ben Kramer - vleugel en Arjan Breukhoven - orgel. Ambrosiaanse Lofzang, Psalm 43, Oranjefantasia en vele meer. R115 ☩

OPVOEDING MET SONDEBESEF IS OPVOEDING IN GENADE (I)

JJD Baas

LEWENDE GELOOF

Anita is drie jaar oud. Terwyl sy deur die kamer loop, sien sy 'n bord met koekies op die tafel staan. Dit lyk lekker en aantreklik en sy dink dat sy nogal lus het vir 'n koekie. Sy dink nie verder nie, maar vat die koekie, sonder om te vra, want dit lyk lekker. Terwyl sy nog besig is om te eet, kom haar ma in die kamer in. "Wat maak jy?" vra sy vir Anita. "Het jy sommer so 'n koekie gevat? Het jy vir mamma gevra?" Anita kan aan haar ma se stemtoon hoor dat iets verkeerd is. Maar sy sê: "Ja, my ma sê ek mag." Haar ma antwoord egter: "Nee, ek dink nie so nie! Die koekie was nie vir jou bedoel nie, maar vir kuiermense wat oor 'n rukkie hierheen kom! Jy mag dit nie sommer vat nie!".

Chris, agt jaar oud, kom by die huis na 'n skooldag. Sonder om iets te vra maak hy die yskas oop en vat 'n lekker stuk appeltort. Hy weet hy mag dit nie eintlik doen nie, maar hy is nou lus daarvoor en sy ma is tog nie in sig nie.

Albei hierdie situasies kom in baie gesinne gereeld voor. Hoe moet jy, as ouer, nou daarop reageer? Jok jou driejarige kind regtig bewustelik as sy iets anders beweër as wat regtig gebeur het? Wat moet jy daaraan doen, of moet jy dit net ignoreer? Kan jy vir 'n driejarige kind iets sê in die trant van: die Here wil nie hê dat jy dit doen nie, dis sonde? Wanneer begin mens sonde spesifiek *sonde* noem? Wanneer is jou kind gereed daarvoor? Mag jy eintlik sonde nog sonde noem? Of moet mens sulke harde opmerkings in die opvoedingsproses eerder vermy? Mag jy 'n skuldbesef by jou kind aanpraat? Is dit nie skadelik vir 'n kind nie? Hoe vinnig sal jy veroorsaak dat


jou kind 'n skuldkompleks kry? Hierdie artikel gaan oor opvoeding met 'n besef van sonde en skuld, as deel van gewetensvorming.

OPVOEDINGSDOEL

Gewetensvorming het 'n baie belangrike plek in die opvoeding. Jy wil hê dat jou kind later in sy lewe sal kan onderskei tussen goed en kwaad. Dit is 'n basieselement in die opvoeding van die lewe voor God se aangesig. Dit bepaal jou siening oor opvoeding. Jy moet jouself, as opvoeder, vra: Wat is my opvoedingsdoel? En hoekom eintlik? Wat is belangrik vir my kind? Basies kom dit dan alles op die een ding neer: Ons wil hê dat ons kind vir die Here sal lewe en vir God en sy naaste diensbaar sal wees.

DURF ONS MET ONS KINDERS OOR SONDE PRAAT?

Maar hoe voed jy jou kind nou só op? Watter ander doele moet jy vir jouself stel? Dis belangrike vrae. Dis vrae waarvoor julle, as pa en ma, met mekaar moet praat en waarvoor julle moet nadink. Ander vrae in die verband is: Wat verstaan jy eintlik onder *diensbaar*? Hoe kleur jy dié begrip op die regte manier in? Hoe werk jy aan die gewetensvorming van jou kind? My kind moet wel weet wat sonde is. Hoe kan hy anders God dien en sy genade leer ken? Maar sal dit nie depressie by jou kind veroorsaak nie? Durf ons eintlik wel met ons kinders oor sonde praat? Immers, dan maak jy jouself ook baie kwesbaar; jy is self ook nie 'n smetlose mens nie. Hoekom wil ek dan hê dat my kind leer besef wat sonde is? Straf ons ons kind? En wat moet ons dan alles in ag neem? Wat word bedoel met die uitspraak in Spreuke 13:24 "Wie sy roede



terughou, haat sy seun?" En hoe pas 'n mens dit toe? In die vervolg van die artikel gaan ons daarna kyk hoe ons kan opvoed in sondebesef in die verskillende leeftydskategorieë. Die belangrikste is egter dat mens, of jy nou twee of tagtig jaar oud is, nooit sondebesef en God se genade mag skei nie.

SONDEBESEF BY PEUTERS

In die eerste drie jare van jou kind se lewe, is daar nog glad nie sprake van 'n sondebesef nie. Die kind kom slegs uit jou, as opvoeder, se houding agter dat daar sommige goed is waarvan jy nie hou nie of wat jy nie wil hê nie. Pappa kan selfs kwaad daarvoor raak. Dit is nie lekker vir die kind as ouers met hom raas nie. Hy reageer dan ook in die lyn. Hy laat sekere dinge na, want hy weet jy hou nie daarvan nie. Jou kind doen sekere goed nie, slegs omdat jy dit nie wil hê nie. As jou kind dan oortree, en jy is nie by hom nie, dan is daar geen besef by hom dat dit nie mag nie. Omdat jy nie by hom is nie, bestaan die reël nie meer nie. Dan mag hy dit dus wel doen, volgens die kind se belewing.

In die praktyk beteken dit dat 'n mens wel nog steeds reëls moet opstel. En dan moet jy hulle ook onderhou en handhaaf. Maar dan wel met die besef dat as jy nie naby is nie, die kind tog wel die reël gaan oortree, en jy hom dan nie daarvoor kan straf nie. Jy kan

wel met die kind daarvoor praat. Maar dié “daarvoor praat” dien slegs as herinnering vir jou kind. “Pappa het mos gesê dat jy dit nie mag doen nie?” Meer hoef jy nie te sê nie. Jy moet die reëls as’t ware net inskerp. Op hierdie manier word die basis van die kind se gewetensvorming gelê. Jou kind leer dit deurdat daar grense gestel word. Hulle moet ook herhalend aan die grense herinner word. Om iets slegs een keer te sê is op hierdie ouderdom nog nie genoeg nie. Stadig maar seker leer die kind die grense ken. Dit vra baie geduld en veral ook begrip van die opvoeder. Met name die begrip dat die grense op hierdie stadium aan die opvoeder gebind is. Die kind het nog nie self ‘n onafhanklike besef van reg en verkeerd nie. Die opvoeder bly verantwoordelik. Aanwesigheid speel hierin ‘n groot rol. As die kind stout is terwyl jy nie naby hom is nie, besef dan dat die skuld by jou lê. Maar sê dan wel vir die kind dat dit nie reg is wat hy gedoen het nie. Noem dan ook jou eie gebrek: “Mamma moes by jou gebly het”.

Dis belangrik dat jou kind grense leer ken. Want as jy die kind sy gang laat gaan en net dinge sê soos: “Ag, die ou kleintjie weet ook nie van beter nie, en dis eintlik tog só oulik”, dan help jy die kind glad nie. Jy maak hom eerder onseker. Hy weet nie waar hy met jou staan nie. Hy groei dan met ‘n onveilige gevoel op. Dis waarskynlik glad nie wat jy wou gehad het toe jy besig was met die opvoeding nie. ‘n Kind het ‘n groot behoefte aan veiligheid en sekuriteit. Hy ervaar dit slegs as daar duidelike reëls is wat ook gehandhaaf word. Mense het soms die wankonsepsie dat mens alle reëls en regulasies presies vir die kind moet verduidelik. Dis op hierdie ouderdom nog glad nie nodig nie. Dit het min of geen nut om dit te doen. Die kind wil net duidelikheid hê: dit mag en dit nie en hoekom, dit maak nie



saak nie. Iets mag nie “sommers, omdat pappa en mamma so sê!”

As die kind in sy eerste hardkoppigheid-fase is, rondom die ouderdom van twee of drie jaar, vereis dít baie ekstra geduld van die opvoeder. Soms moet jy ruimte vir die kind gee. Jy kan as volwasse opvoeder vooraf presies ‘n taktiek beplan, maar die kind kan dit nog nie doen nie! Hy het nog nie ‘n strategie nie. Sy strategie is slegs om sy eie willetjie deur te druk.

In hierdie tyd moet jy veral daarop konsentreer om nie betrokke te raak in die magstryd nie. Dit is baie verleidelik om dit wel te doen! As jy “Eet jou kos op! Jy bly hier sit totdat al jou kos opgeëet is” gesê het, dan mag jy jousef daarop voorberei dat jy nogal ‘n lang sit gaan beleef, ten minste: as jy jou eie woorde glo.

Maar ook vir die hardkoppigheids-fase geld dat jy nie jou kind verantwoordelik vir sy eie dade kan stel nie. Jyself is wél verantwoordelik, naamlik vir jou manier van opvoed.

KLEUTERS

In hierdie leeftydsvase verander daar nie so baie ten opsigte van die vorige een nie. ‘n Vierjarige kind kan jy in feite nog steeds nie verantwoordelik hou vir sy wandade nie. Die kind is nog nie uit homself gemotiveerd om jou te gehoorsaam nie. Hy gehoorsaam jou om in jou goeie boekies te bly. Kan jy dan al praat van sondebeseft? Opvoeding is dan basies ‘n deurlopende

oefening in gehoorsaamheid. Deur reëls vir jou kind te stel en dit dan ook te handhaaf, vorm jy ‘n gewete by die kind. Dit sal gebeur dat jy kwaad word of teleurgesteld is. Jy, as opvoeder, is ook ‘n mens wat ruimte nodig het en wat foute kan maak. Probeer voortdurend om jou kind se ouderdom en spesifieke ontwikkelingsfase in ag te neem. Hou voortdurend jou doel voor oë: jy is mos besig om die kind te oefen. Iemand wat oefen het juis bemoediging nodig. Dit kan soms ook beteken dat jy duidelik laat blyk dat iets wat die kind doen regtig verkeerd is. Byvoorbeeld as jou vyfjarige kind sy klein sussie slaan. Dan moet jy streng ingryp. Jou kind kan dan deur ‘n sogenaamde “pedagogiese pak slae” goed verstaan dat dit wat hy gedoen het nie reg is nie.

Soms hoor ‘n mens ouers vir hulle kind iets soos die volgende sê: “Wat jy nou doen maak pappa hartseer. En vir die Here God ook”. Hierdie uitdrukking is veels te hard, in elk geval vir ‘n vierjarige kind. Hiermee sit jy ‘n ongelooflike swaar las op die klein kind se skouers. Dit kan dalk soms tydens die opvoeding lyk asof die kind jou wil seermaak. Maar meestal is dit regtig nie so nie. Jou kind is wel onophoudelik besig om tot op die grense te gaan en dit te verken. Glo pappa regtig wat hy sê? ‘n Kind doen dit natuurlik nie bewus nie. Dit is in hom. Opvoeding is as’t ware om grense te stel en dan jou kind se hand te vat, maar hom ook tegelykertyd ruimte en vryheid te gee. Jou kind vereis duidelike leiding. Dit gee veiligheid. Goeie leierskap het goeie selfstandigheid tot gevolg. Hiervolgens gee jy jou kind wanneer hy ouer word ook meer ruimte.

In die volgende artikel sal ons aandag gee aan die latere fases van die kind se ontwikkeling.

(Hierdie artikel is vir Kompas vertaal en verwerk deur Francien Moes)

HOE GAAN DIT IN WESBANK?

Ds Charles F Nicholson

SENDING

Die visie, om met kerkplantingswerk in Wesbank te begin, was 'n baie belangrike stap in die geloof wat die gemeente van die Vrye Gereformeerde Kerk in Kaapstad onderneem het. Die werk is nog 'n groot uitdaging, maar daar kan wel getuig word dat dit baie sinvol en bevredigend is. Die gehoorzaamheid aan die groot opdrag van die Here om dissipels te maak, is nou in Wesbank 'n werklikheid.

Daar is genoegsame belangstelling van oud en jonk in die Woord van God, en die Here voed werklik sy kudde wat honger is vir die Woord, sodat hulle kan groei in die geloof. Die werk in Wesbank is begin met die eerste erediens wat op Sondag 14 Januarie 2001 gehou is. Die werk het vastigheid verkry met die belydenisaflegging van 18 lidmate op Sondag 10 Maart 2002. By hierdie geleentheid is 13 kinders ook gedoop. Sedertdien is nog twee lidmate bevestig en een is oorlede, sodat die getal lidmate tans 19 belydende lidmate is, met 17 dooplidmate. Met uitsondering van een gesin, funksioneer hierdie lidmate soos 'n hegte eenheid.

DIE EREDIENSTE

Daar word tans erediens gehou in 'n houthuisie (Wendyhuisie) wat goedgegunstiglik opgerig is binne die erf van een van die lidmate. Die erediens word goed bygewoon. Die prediking is lerend van aard – dit wil sê die geloofsleer word sistematies deurgewerk om die hoofaspekte van die Christelike geloof deur te gee en om die lidmate toe te rus vir hulle taak en roeping in Wesbank. Baie van die lidmate sien hulleself as toekom-

stige Wesbankers wat gekom het om te bly. Hierdie lidmate verleen tans 'n vastigheid in die erediens en hulle vorm die kern van die gemeente.

Daar is op 'n gereelde basis ook besoekers wat die dienste bywoon. Van hierdie besoekers kom gereeld en die proses is aan die gang om hierdie mense as voornemende lidmate te begelei in die leer van die kerk, dit is die Woord en Belydenisskrifte. Dit vind plaas deur middel van 'n kategesekursus vir belangstellendes om hulle bekend te stel aan die geloofsleer, maar ook die kerkverband.

DIE SONDAGSKOOL

Sondae word die erediens voorafgegaan met 'n sondagskool. Daar is tans 18 kinders wat die sondagskool baie getrou bywoon. Die kinders word die geleentheid gegee om meer van die Bybel te leer. Die lesse word heilshistories aangebied, sodat die kinders kan leer hoe God in die geskiedenis handel met sy volk. Gereelde takies word aan die kinders verskaf en hulle sien met groot belangstelling uit na die opdragte wat hulle moet voltooi. Een van die vrouelidmate woon ook die sondagskool elke Sondag by, alhoewel sy tog nie self 'n kind in die Sondagskool het nie. Sy is baie behulpzaam met die klasregister, die ordelike reëlins en sy het ook al gehelp met klasaanbieding. Langs hierdie weg groei die moontlikheid dan ook vir die lidmate om by die geestelike opvoeding van die kinders betrokke te raak.

OPLEIDING EN TOERUSTING

Die afgelope tyd is daar werk

gemaak van die daarstelling van 'n raad wat die finansiële sake en die diakonale sake van die gemeente kan hanteer. Alhoewel die inkomste uit eie geleedere nog nie baie is nie, word die sig gebied op die daarstelling van goeie bestuur van die gemeente se sake. Daarom glo ons dat die gemeente van die begin af geleer moet word om op 'n deeglike basis verantwoording te kan doen van al hulle sake.

Om die lidmate aangaande die finansiële sake en die diakonale sake toe te rus, is daar lering verskaf vanuit die Woord van God om as basis te dien vir die beginsels van gemeentelike verantwoordelikheid en bestuur. Reg van die begin af moet daar gewerk word aan die identifisering van geestelike leiers, maar ook aan kundigheid binne die gemeente sodat hulle op die langtermyn verantwoordelikheid kan aanvaar vir hulle eie sake. Opleiding sal nou aan die raad verskaf word waarin verdere lering en toerusting op 'n deurlopende basis sal geskied.

'n KERKGEBOU

Daar is die afgelope maande werk gemaak van die optrek van planne vir die bou van 'n kerkgebou. Die fokus was deurentyd gerig op 'n gebou wat funksioneel moet wees, maar ook nie van so 'n aard dat dit buitensporig is vir die situasie in Wesbank nie. Die plan vir so 'n gebou is die eerste week van April goedgekeur deur die plaaslike owerhede. Dit beteken dat daar nou voortgegaan kan word met die oprig van die gebou.

Dit is belangrik dat 'n gebou opgerig moet word, aangesien die houthuisie tans te klein geword het om almal na behore te kan huisves op 'n Sondagoggend. Die gedagte daaraan om nou met die bou van die kerk te begin, werk positief in op die lewe van die lidmate. Dit sal groter vastigheid en permanensie

aan die gemeente en die taak op hande kan verleen.

Gedurende die week word daar ook 'n Bybelstudie en gebedsgeleentheid aangebied vir die gemeente. 'n Bybelstudie vir die vroue word ook in die week gehou. Onderlinge besoek deur die lidmate geskied ook oor en weer. Hierdie besoeke het al baie meegehelp dat die band van liefde en ondersteuning groei onder die lidmate. Dit was ook die afgelope tyd merkbaar met die siekte van een van die manslidmate, Moos van Niekerk. Die gemeente het die van Niekerk-gesin bygestaan tot met die afsterwe van broeder Moos op Sondag 6 April. Broeder Moos se afsterwe was dan ook die eerste van die belydende lidmate van Wesbank wat oorlede is. Tog kan ons met dankbaarheid teenoor ons hemelse Vader terugkyk op die ryke verbintenis van die gemeente met die gesin in hul nood en ons

kon dan ook vir broeder Moos met 'n gerustheid aan die Here oorgee.

DIE KERKVERBAND EN KERKORDE

Wesbank spruit voort vanuit die arbeid van die Vrye Gereformeerde Kerke. Daarom sal die gelowiges moet saamgroeï in die eenheid van die ware geloof. Die begeleiding vanaf kerkverbandelike kant en langs die weg van kerkordelike afspraak sal ook aandag moet verkry. Skakeling met Belhar moet van dag een af op 'n gesonde vlak van naastenskap kan geskied. Hierdie saak kry ook van tyd tot tyd aandag waar funksies aangebied word in Belhar. Een so 'n geleentheid was die besoek en voorligtingsaand van Ds. Dirk Maurits Boersma wat kom groet het voor sy vertrek na Amerika.

DIE GELOOFSASPEK

Lidmate is aan mekaar verbind deur 'n geloofsband. Daarom is die tugbeoefening 'n saak wat daarop

gemik moet wees om die onderlinge sorg en verantwoordelikheid uit te brei. Ons moet na mekaar omsien, maar ook toesien dat ons nie die onderlinge byeenkomste moet versuim nie. Behalwe vir een gesin wat nie gereeld kerk toe kom nie, funksioneer die toesig tot mekaar goed. Lidmate dra mekaar in die geloof.

VOORBIDDING

Dit is belangrik dat die werk in Wesbank ook sal groei onder die voorbiddingstaak van die kerkverband. Daarom word daar ook vrymoedigheid geneem om voorbidding te vra vir:

1. die oprigting van die kerkgebou;
2. die oplossings vir die hoë werkloosheid van Wesbank se mense;
3. die skoling en toerusting met die oog op die verskeie take in die kerk;
4. die bekamping en bevegting van die bendelewe wat ook in Wesbank voorkom. ▣

ENKELE GEDAGTES OOR ORGAANORPLANTING

Dr JM Boon

SAMELEWING

Orgaanoorplantings het die afgelope dekades geweldig toegeneem. Verskeie tegnologiese ontwikkelings het hierdie operasies vir steeds meer mense moontlik gemaak. Behalwe die vraag na die tegnologiese moontlikheid, is dit ook belangrik om die vraag na die etiese begroning van orgaanoorplantings te vra. Kan ons as Christene die oorplanting van organe vanuit die Skrif begrond? Is dit versoenbaar met ons taak as profete, priesters en konings?

Die oorplanting van organe of weefsel kan geskied van een liggaam na die ander. So kan byvoorbeeld 'n nier van een pasiënt na 'n ander pasiënt oorgeplant word. Organe kan ook van een plek na 'n ander

plek op dieselfde liggaam oorgeplant word. Vel kan oorgeplant word van die been na die arm by pasiënte met brandwonde. 'n Bloed-oortapping is seker die mees bekende voorbeeld van orgaanoorplanting, waar 'n versameling funksionele selle wat gesamentlik 'n orgaan vorm van een pasiënt na die ander oorgeplant word deur middel van infusie.

Tydens orgaanoorplantings is daar dus sprake van donors en ontvangers. Die donor skenk die orgaan terwyl die ontvanger die orgaan ontvang.

In 1933 het 'n Russiese chirurg die eerste nier-oorplanting gedoen. Die pasiënt is

egter vinnig na die operasie oorlede. Die teg-niese aspekte van die operasie was teen 1954 grotendeels opgelos nadat 'n geslaagde nieroorplanting in Boston op 'n identiese tweeling gedoen is. Die grootste probleem is egter die verwerping van organe deurdat antiliggame teen die orgaan gemaak word.



In die laaste 15 jaar het meer en meer oorplantings moontlik geword met beter resultate. Veral beter tegnieke om weefsel te tipeer, middels om verwerping te verhoed, beter tegnieke om organe te preserveer asook chirurgiese ervaring het hiertoe

aanleiding gegee.

Die volgende organe kan oorgeplant word: bloed, hart, lewer, niere, pankreas, longe, kornea (horingvlies van die oog), vel, been, hartkleppe en die beenmurg. Veral hart-, nier-, horingvlies-, vel- en beenoorplantings is deesdae algemeen.

NAVORSING


Omdat daar 'n geweldige gebrek aan organe is, en baie pasiënte lê en wag op 'n geskikte donororgaan, word baie navorsingswerk verrig om weefsel en organe makliker beskikbaar te maak. Sodoende kan meer pasiënte baat vind by die voordele van orgaanoorplantings. Onder andere word die inligting van donororgane en weefsel elektro-nies wêreldwyd beskikbaar gestel sodat 'n geskikte ontvanger op die waglys 'n geskikte donororgaan so gou moontlik kan kry. Sodoende kan byvoorbeeld 'n donorhart in Amerika binne 'n kort tyd na 'n geskikte ontvanger in Europa gevlieg word, vir oorplanting.

Daar is ook organe en weefsel wat nie dadelik oorgeplant hoef te word nie, byvoorbeeld been, vel, horingvlies en hartkleppe. Hierdie organe en weefsel word dan in banke bewaar waar dit later onttrek kan word vir moontlike oorplanting. Deesdae is daar ook spermбанке waar kinderlose egpare as gevolg van 'n mediese probleem by die man, sperms kan haal om hul onvrugbaarheidsprobleem aan te spreek.

Die kloning van diere, soos onder andere die skaap Dolly wat onlangs in die nuus was, word ook groterdeels deur maatskappye gefinansier met die oog op die moontlike kloning van organe en weefsel vir die oorplantingsmark. Daar is soveel pasiënte wat wag vir orgaanoorplantings, meer as wat die "donormark" kan voorsien. Daarom word baie geld belê in navorsing oor kloning.

UITWASSE

Die vraag is in hoeverre ons as Christene met die ontwikkelinge ten opsigte van orgaanoorplantings kan saamgaan. Dit is duidelik dat



orgaanoorplantings ook verskeie uitwasse tot gevolg het, byvoorbeeld spermбанке en die moontlike kloning van organe vanaf mens-embrio's (selle uit die kiemlae van die jong menslike embrio kan moontlik gekloon word om sekere organe in die laboratorium te laat "groei" vir latere oorplanting).

Die vraag is of ons nie te veel van die idee uitgaan dat die mens 'n masjien is waarvan stukke onderdele vervang kan word nie? Is daar organe wat ons beslis nie mag oorplant nie? Moet die menslike liggaam nie in sy geheel begrawe word nie?


Die moderne mediese wetenskap gaan steeds meer uit van die outonome mens en sy verafgoding van die gesonde mensbeeld. Die diens aan die Skepper is vervang met diens aan die skepsel. En die mediese wetenskap speel lustig daarop in. Genesing en navorsing word nie gedoen sodat die mens sy God kan dien nie, maar ten bate van die najaag van die nuwe gesondheidsbeeld. In plaas daarvan dat die mens God dien en Hom alleen liefhet, word die skepsel eerder aangeroep. En in plaas daarvan dat God gedien word soos Hy in sy Woord aan ons beveel, lei die najaag van die moderne gesond-



heidsbeeld tot die verbreking van God se geboorte. Eksperimentering op menslike embrio's vir orgaanoorplanting is 'n direkte en skaamtelose oortreding van die sesde gebod: 'Jy mag nie doodslaan nie'. Maar dit is nie meer 'n probleem in hierdie beelddiens nie.

Die natuur word verder as godloos gesien. Die wetenskap maak dikwels in sy metode asof God nie bestaan nie. Dit is dan ook nie snaaks dat die verband tussen die skepping (natuur) en God ook nie in die resultate teruggevind word nie. Ons het in ons samelewing al hoe meer die skepping leer sien deur die bril van wetenskap en tegniek. Wat kan geproduseer en verbruik word? As iemand 'n rooi bril opsit, moet hy nie verbaas wees as hy slegs rooi waarneem nie. Dit is wat vandag gebeur. Die visie op die normatiewe orde in die skepping is erg vertroebel. Die natuur word meer gemanipuleer as gewaardeer. Die werklikheid word gelykgestel met bruikbaarheid. So word ook na orgaanoorplantings gekyk. Die mens wil met sy wetenskaplik-tegniese metode die hele werklikheid beheers om so alle probleme wat voorkom op te los en materiële welvaart en geluk te waarborg.

In die Bybel tref ons nie direkte antwoorde oor orgaanoorplanting aan nie. Wel het ons genoeg riglyne uit die Skrif om 'n antwoord te kan gee. Die Bybel leer ons dat ons met eerbied moet omgaan met die lewe van mense. Die lewe van mense het egter nie absolute eerbied nie, maar die Skepper en Onderhouer van die lewe kom die absolute eerbied toe. Selfbeskikingsreg oor die lewe van mense is 'n gedagte wat vreemd aan die Bybel is. Ons is rentmeesters van ons en ons naaste se lewe, nie heersers en meesters nie. God het die mens as kroon van sy skepping geskape, 'n eenheid van liggaam en gees. Elke mens is uniek geskape of dit nou sy breinselle, geslagselle en organe soos die lewer en niere is. Ons liggame is tempels van die Heilige Gees (I Kor 6:19) en is geroep tot tempeldiens. Dit is priesterdiens voor God en ons



Illustrasie van 'n disseksie van Andreas Vesalius uit sy boek 'De Humani Corporis Fabrica' (1543, 1555). Dit toon 'n disseksie van die buik met die niere in beeld (die niere is die mees algemeen oorgeplante orgaan).

naaste. Ons word opgeroep tot liefdediens teenoor ons naaste (HK, antw 55). Ons word in Gal 6:10 opgeroep om terwyl ons die geleentheid het, aan almal goed te doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.

DIENS AAN DIE NAASTE

Indien iemand sy organe sou skenk, kan dit wel as priesterdiens beskou word. As die tempeldiens vir ons hier op aarde voltooi is kan ons met die skenking van organe bydra tot die tempeldiens van ons naaste. Dit is inderdaad so dat die skenking van bv. 'n nier aan iemand wat in nierversaking is hierdie persoon baie sal help. Die volgende is 'n voorbeeld: Na die skenk van 'n nier van persoon A (nadat hy/sy gesterf het) aan persoon B, is persoon B nou in staat om weer sy werk (goddelike beroep) te doen, hy kan sy roeping as pa in die gesin beter vervul, en hy gaan makliker kerk toe. By die voltooiing van die ampsdiens van persoon A op aarde, kan persoon B sy ampsdiens wat hy egter ook met sy siek niere op sy siekbed gehad het, tot 'n groter mate ná die orgaanoorplanting uitvoer.

Ons moet egter waak om orgaan-skenking in alle gevalle as konkrete naastediens te beskou. Die motief waarmee orgaanskenking gedoen word kan baie goddeloos wees. Die tegniek het vandag in die geneeskunde amper oorheersend

geword. Alle oplossings word daarvan verwag. Op alle moontlike maniere word gepoog om die lyding uit die wêreld te verwyder. Dit is egter belangrik om te onthou dat alhoewel dit belangrik is om lyding te verlig, dit moet kan instem met die geboorte van die HERE.

Orgaanoorplanting word dikwels vandag in 'n sfeer van humanitêre propaganda geplaas. In die sfeer van goedwillige humaniteit word mense opgeroep om hul organe te skenk. Baie Christelike etici roep mense op om hul organe te skenk om hierdie rede. So sal baie lyding uit die wêreld verwyder word. Hierdie propaganda is dikwels eensydig gerig op die liggaamlike bestaan en gegrand in 'n materialistiese wêreldbeskouing. Is dit so dat ons met die afstaan van organe die geluk van die ander werklik kan bevorder, of sy of haar lewe kan red in die volle sin van die woord? Dit is iets wat slegs ons Here Jesus Christus kan gee. Ons moet nie aan orgaanskenking die betekenis van 'n goeie daad by die dood gee nie. Ons strewende na lewensverlenging van die liggaamlike lewe as hoogste waarde, is nie Christelik nie. Orgaanskenking binne die milieu van die vertegniseerde en materialistiese wêreldbeeld is 'n strewende wat nie met God en die roeping van die mens rekening hou nie, en is daarom goddeloos. Die onverenigbaarheid van oorgeplante organe en verwerping van hierdie organe wat dikwels voorkom, dui vir ons aan dat hierdie medies-tegniese beeld van die mens ook biologies nie heeltemal waar is nie.

Dit beteken nie dat orgaan-oorplanting nie Christelik is nie. Die motiewe agter hierdie tegniese operasie is bepalend. Ons moet dan ook daaraan 'n Christelike begroning gee. Iemand wat in 'n lewensgevaarlike situasie wel 'n orgaan sou wou ontvang, sou egoïsties optree as hy dan nie ook 'n orgaan wil afstaan nie.

As priesters mag ons agter Christus aan soek na die herstel van ons naaste. Hierdie soeke is egter

gebonde aan Christus en sy Woord. (Dit maak spermabanke en die kloon van menslike embrionale weefsel byvoorbeeld ongeoorloof).

Christus leer ons dat Hy die Opstanding en die Lewe is. (Joh 11:25) Of ons dan lewe en of ons dan sterwe ons behoort aan die Here (Rom 14:8). Die lewe in Christus word nie deur die dood tot niet gemaak nie. Dit gee onmiddellik rus in 'n oorspanne strewende om die lewe te verleng. Die Skrif leer ons dat die liggaam van die ooreledene nie sonder waarde is nie, maar met sorgvuldigheid behandel moet word. As ons egter die liggaam na die sterwe open om organe ten dienste van die naaste te stel is dit nie dieselfde as skending van die liggaam nie. Nadat organe verwyder is vir oorgeplanting kan die liggaam op die normale manier begrawe word. Die verwagting van die ewige lewe word nie belemmer as alle dele van die liggaam nie op dieselfde tyd en plek begrawe word nie.

Die mensbeeld van die moderne geneeskunde, naamlik dat die organe as vervangbare onderdeel gesien word om die ideale gesondheidsbeeld te dien, is in teenstelling met die Bybelse verstaan van die mens waarin die ampsdiens van die mens wesenlik met die liggaamlike bestaan verbind word. As ons dus 'n orgaan skenk doen ons dit nie met die idee om iemand se lewe te red nie, maar om by ons voltooide ampsdiens op aarde, die ampsdiens vir 'n ander meer uitvoerbaar te maak in sy siekte.

Dr Boon het hierdie artikel verwerk uit 'n publikasie van hom wat in 1999 in Waarheid en Dwaling verskyn het. ▣

Inligting oor orgaanskenking is beskikbaar by die Stigting vir Orgaanskenkers van Suider Afrika. Skakel die tolvrye lyn 0800 22 66 11, of vra 'n brosjure by die stigting aan. Die adres is: Posbus 2349, Kaapstad, 8001. Inligting is ook beskikbaar op die webwerf www.organdonor.org.za of dit kan aangevra word by info@organdonor.org.za.

NUWE BOEK VERDEDIG DIE OPSTANDING VAN CHRISTUS

Dr. AJ de Visser

AKTUEEL

Dit gebeur nie aldag dat 'n mens in 'n gewone koerant iets positief oor teologiese ontwikkelings lees nie. Gewoonlik is daar negatiewe berigte en lyk dit asof die kerke en die teologie maar net op die afdraande pad is. Dit was dus 'n aangename verrassing om op Tweede Paasdag – 21 April 2003 – in die *Pretoria News* iets heeltemal anders te kon lees. Die artikel handel oor die verskyning van 'n nuwe boek van die Anglikaanse teoloog NT Wright waarin hy die werklike en liggaamlike opstanding van Christus verdedig.¹

In Christelike tydskrifte oorsee het Wright se nuwe boek reeds breë aandag ontvang, en daar is verskeie goeie redes daarvoor. In die eerste plek is persoon van die skrywer belangrik. NT Wright is nie net 'n vooraanstaande Anglikaanse kerkleier nie, maar hy is ook 'n gerespekteerde Nuwe Testamentikus wat reeds verskeie belangrike studies gepubliseer het. Dit is betekenisvol dat hy nie saamsing in die koor van die teoloë wat die opstanding van Christus bevraagteken nie, maar dat hy die opstanding met hart en siel verdedig, as teoloog en as gelowige. In die tweede plek bied Wright in sy boek van 817 bladsye 'n omvattende weerlegging van omtrent alle argumente wat teen die opstanding van Christus ingebring is. In die artikel in die *Pretoria News* word die boek as “die mees monumentale verdediging van die opstandingsgeloof in dekades” omskryf. Die teorieë van Bultmann, Crossan en ander liberale teoloë word met kennis van sake weêrlê. In die derde plek het Wright se boek die aandag getrek omdat hy eersdaags 'n nuwe pos sal aanvaar as biskop van Durham. Dit is die einste plek wat in die 1980s in die nuus was omdat die biskop van daardie dae, David Jenkins, die opstanding van Christus *geloën* het. Jenkins het

destyds met veragting oor die Bybelse opstandingsgetuïenis gepraat as ‘goëly met 'n klompie bene’. Dat daar in sy plek nou juis iemand benoem word wat die liggaamlike opstanding van Christus met krag *verdedig*, word deur baie Anglikaanse gelowiges as 'n stukkie ‘providential irony’ (goddelike, voorsienige ironie) beskou.

Die Amerikaanse tydskrif *Christianity Today* van 17 April 2003 gee heelwat aandag aan Wright se boek. In 'n positiewe resensie word gemeld dat Wright veral die liberale teoloë aanval wat allerlei moderne veronderstellings in Paulus se teologie probeer teruglees. Veral die liberale teoloë Marcus Borg en Dominic Crossan word dikwels in die voetnota's genoem. Die berig gaan soos volg voort:

“Wright wil aantoon dat enigiets anders as 'n regte opstandingsliggaam vir Paulus ondenkbaar sou gewees het. As Jesus 'n ander soort ‘lewe na die dood’ ervaar het, sou daar oorgenoeg terminologie voorhande gewees het om dit uit te druk. Inderdaad, as die eerste Christene maar net gedink het dat Jesus ‘gesterf en hemel toe gegaan het’ dan kon hierdie ‘geloofsoortuigings’ nie die getuïenis of selfs die groei van die vroeë kerk verklaar het nie.”

Wright sê ook dat baie teoloë die feite ignoreer of dom argumente gebruik. Hy verwys byvoorbeeld na die teoloë wat sê dat opstanding 'n onbekende verskynsel was in daardie tyd en dat dit die vroeë Christene dit ‘dus’ nie regtig kon geglo het nie.

Wright: “Die feit dat dooie mense normaalweg nie opstaan nie, is deel van die Christelike geloof. Die feit dat Jesus se opstanding 'n unieke gebeurte was, en nog steeds is, is nie 'n teenargument teen die Chris-

telike geloof nie. Dit is juis deel van die Christelike geloof!”

Wright sê ook dat die liberale teoloë nie kan verklaar hoekom die Christelike kerk so vinnig kon groei as die geloof in die opstanding dan so ongelooftwaardig was in daardie tyd nie. Ons haal weer aan uit die *Pretoria News*-berig:

“Wright beklemtoon dat daar 'n historiese vraag is wat nie vermy kan word nie: Hoekom het die Christendom so vinnig en met soveel krag opgekom, en hoekom het die gelowiges alles op die spel geplaas vir die geloof dat Jesus werklik opgestaan het? Sy konklusie is dat die eerste Christene twee sterk oortuigings gehad het: 1) Jesus se graf was leeg op Paasoggend; 2) Jesus het daarna aan sy volgelinge verskyn in 'n liggaamlike vorm. Dit is, met ander woorde, die getuïenis van die Nuwe Testament.”

Dit is verleidelik om nog baie meer aan te haal uit die *Christianity Today*-artikels, maar die belangstellende leser kan ook self gaan kyk by die webwerf *christianitytoday.com*.

Dit is goed om kennis te neem dat daar soms ook positiewe ontwikkelings is. Dit lyk dikwels asof daar slegs agteruitgang en verval in Christelike kerke is. Dit lyk dikwels asof liberale teologie al hoe meer die oorhand kry en dat daar vir opregte Christene niks anders oorbly as om enigiets wat ‘wetenskaplik’ genoem word, te wantrou nie. Daarom is dit verblydend om te weet dat die Here op allerlei maniere sorg dat die getuïenis van Jesus Christus se opstanding verdedig word, selfs in die Anglikaanse kerk, en selfs op 'n wetenskaplike vlak!

Ons geloof dat Christus opgestaan het, rus natuurlik nie op wetenskaplike bewyse nie maar op die getuïenis van die Skrif. Nogtans is dit aangenaam om te verneem dat sogenaamde wetenskaplike teenargumente teen Christus se opstanding ook op 'n wetenskaplike manier oortuigend weêrlê word! ❧

¹ N.T. Wright, *The Resurrection of the Son of God*. Fortress 2003. 817 bladsye, \$ 49.